November - Desember 2015

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 14, No. 6 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2014 *Tomorrow's World*-tydskrif



*'n Persoonlike boodskap van*

*Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

## "Vrede" wanneer daar geen vrede is nie?

Elke Desember begin miljoene mense praat van "vrede op aarde, in die mense 'n welbehae". Hulle sê hulle is volgelinge van die "Prins van Vrede" – Jesus Christus. Wat **doen** hulle egter daaromtrent?

Sommige lesers het dalk gelees van die beroemde "Kersfees wapenstilstand" tydens die Eerste Wêreldoorlog. Vir een dag, na maande van dodelike "loopgraaf-oorlogvoering" het baie van die vegtende soldate hulle gewere neergesit. Sommiges het selfs Kersliedere saam met die vyand se soldate gesing.

Die volgende dag het hulle die slagting hervat.

Ja, vrede het die mensdom nog altyd ontwyk. Vandag, selfs terwyl ek skryf, gaan ISIS-guerrillas voort om hulle vyande om die lewe te bring, te martel, selfs te onthoof en te kruisig. Russiese troepe hou die Oekraïne fyn dop en dreig met 'n inval. In Suidoos-Asië is kleiner lande soos Viëtnam bekommerd oor die druk wat China uitoefen om totale oorheersing van daardie streek te bekom. Selfs groter lande soos Japan en die Filippyne raak onrustig.

Die gevaar van siekte-epidemies neem steeds toe. Duisende mense in Afrika is besmet met die Ebola-virus en dit is net 'n vliegtuigrit ver van Amerika en Wes-Europa af!

*Waarom is dit alles besig om te gebeur?*

As gevolg van ons opstand teen God en Sy Wette kom ons onder die geïnspireerde vervloekings soos beskryf in Deuteronomium 28. Onthou, geagte Lesers, Jesus het voortdurend na die Ou-Testamentiese boeke as "die Skrifte" verwys. Hy sê aan ons: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4). Tussen Sy woorde vind ons die Tien Gebooie wat by Sinaï gegee is, wat later deur Jesus Christus beklemtoon en uitgebrei is (Exodus 20; Mattheüs 22). Sonder God se Gees is die mensdom geneig om nie van "reëls" te hou nie en wanneer daar reëls is, hou hulle daarvan om te "redeneer" oor die nodigheid om dit te gehoorsaam. Lees mnr. Jonathan McNair se weldeurdagte artikel, 'n *Uitsondering op die reël?*, elders in hierdie uitgawe, om meer inligting oor hierdie belangrike onderwerp te verkry.

Dwarsdeur die Skrif herinner God ons daaraan dat "verbreking van die reëls" ernstige gevolge meebring. In die bekende profetiese gedeelte wat God se vloek oor moderne Israel bevat, waarsku God: "Die HERE sal die reën van jou land poeier en stof maak; van die hemel sal dit op jou afkom totdat jy verdelg is" (Deuteronomium 28:24). Groot dele van die weste van die VSA ly erg as gevolg van 'n verskriklike droogte. Volgens kundiges het soveel as 99,8% van Kalifornië hierdie somer 'n "strawwe" droogte

beleef.

**Amerika is verneder!**

Geagte Lesers, Amerikaners en ons broers van Britse afkoms is in baie groot moeilikheid. Ons "trotse mag" is werklik verbreek (Levitikus 26:19). Dosyne artikels, selfs in ons hoofstroom koerante en tydskrifte, wys gereeld daarop dat selfs al het ons nog die grootste militêre mag in die wêreld, Amerika al meer as 'n "papiertier" beskou word. Dus het Vladimir Putin van Rusland, die leiers in China en die magtige terroriste van die Midde-Ooste almal "ons nommer".

Dit word uiteindelik vir Amerika se leiers duidelik dat die Islamitiese terroriste ernstig is! As gevolg van die goud en die kontant wat hierdie rebelle van banke geneem het en as gevolg van die miljoene dollars se militêre hardeware waarop hulle in die afgelope maande beslag gelê het, word die sogenaamde "Islamitiese staat" nou beskou as die bes-gefinansierde, swaarste gewapende terroristegroep waarmee ons nog ooit te doen gehad het.

Ons is in die **moeilikheid**. Ons broers en nasies van Britse afkoms is ook in die moeilikheid, want ons het onsself van die God gedistansieer wat in die eerste plek ons aansien aan ons gegee het. Ons behoort nie verbaas te wees nie dat die burgers van Skotland – wat reeds vir die afgelope drie eeue deel van die Verenigde Koninkryk is – daardie unie

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – "Vrede" wanneer daar geen vrede is nie?**
Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Waarom loop dinge verkeerd? 3**
Van Wêreldoorlog tot Koue Oorlog tot Oorlog teen Terreur; van polio tot VIGS tot Ebola, waarom lyk dit asof dit van erg na erger in ons wêreld gaan?

**Lesse te leer uit die winter 8**

**Ek is regtig dankbaar ... 10**
Waardeer ons regtig die seëninge wat God aan ons gegee het terwyl ons oorlaai is met so baie "eerste-wêreldse probleme"?

**Openbaring: 'n Boodskap van vermaning ... en hoop 11**
Baie waarnemers merk die "kommersialisering" van Kersfees op en betreur dit. Presies wat is die ware "rede vir die seisoen"? Kan ons Christus in Kersfees plaas? Was Hy ooit daar?

**Die ekonomie van Kersfees 15**
Terwyl die wêreld besin oor die 100ste herdenking van die Eerste Wêreldoorlog in Julie, wonder ons: Sal daar ooit 'n einde aan oorlog kom? U Bybel gee 'n bemoedigende antwoord!

**Môre se Jeug 19**
'n Uitsondering op die reël

**Leef ons in 'n veelal? 21**

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde 23**

**Profesie neem gestalte aan 24**

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Roderick C. Meredith
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Uitvoerende Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Bruce Tyler (Australasië)
Gerald Weston (Kanada, Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
BM PO Box 2345
London, WC1N 3XX
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Waarom loop dinge VERKEERD?

## Deur Roderick C. Meredith

*Van droogtes tot oorstromings, van hongersnood tot siekte-epidemies, van geweld in skole tot nasies in oorlog, is daar 'n rede vir die rampe wat ons wêreld in die gesig staar? Is daar enige* ***hoop*** *vir die toekoms?*

Baie min mense glo deesdae in 'n *werklike* God. Selfs nog minder mense glo in die ware God van die Bybel. Dekades van beklemtoning van die evolusie-teorie, menslike redenasies en die beweging vir "self-vervulling", het die opdrag dat ons ons Skepper behoort te dien, byna heeltemal vervang. Eindelose boeke, artikels, goed vervaardigde films en TV-programme het slim "gekgeskeer" met die idee van 'n **ware** God, die Skepper en Regeerder van die heelal. Dit het sy tol geëis op ontelbare miljoene mense. *Wat van* **u**?

Is *u* persoonlik daarvan bewus dat belangrike profetiese gebeure, soos voorspel in die bladsye van u eie Bybel, *op hierdie oomblik* besig is om vervul te word? Is *u* bewus daarvan dat die *bestendige afname* in die mag en aansien van die nasies van Britse afkoms en Amerikaanse volke *spesifiek* in u Bybel *geprofeteer* is? Is *u* persoonlik bewus daarvan dat die **einde** van hierdie huidige menslike beskawing dalk nog in *u leeftyd* mag kom?

Nou, op hierdie oomblik, terwyl ek skryf, is 'n massiewe oorname van groot dele van die Midde-Ooste deur die sogenaamde "Islamitiese staat" 'n groeiende bedreiging vir Europa en selfs vir die Verenigde State! Die onlangse hoof van die *CIA*, afgetrede generaal Michael Hayden, het onlangs aan CNN vertel dat 'n aanval deur hierdie terroristegroep op die VSA of Europa, net 'n kwessie van "tyd" is. Let op wat sê hy: "ISIS [Islamitiese staat in Irak en Sirië] is 'n baie magtige plaaslike terroriste-organisasie en waarskynlik 'n redelik magtige terroriste-organisasie in die streek, maar dit is een wat wêreldwye ambisie het. Dit het ook die middele ... Amerikaanse paspoorthouers asook die Europese paspoorthouers. Hulle voorneme is bekendgemaak (om die Weste aan te val) ... Dit sal waarskynlik eerder vroeër as later geskied" (25 Augustus 2014).

Die moorddadige terroriste van ISIS wat amok maak is reeds verantwoordelik vir die moorde op duisende mans, vroue en kinders. Hulle onthoof, kruisig en martel dikwels hulle slagoffers verskriklik. Duisende vroue en dogters is deur hierdie goddelose mans verkoop as sekslawe of vir ander bose doeleindes gebruik. Regdeur die Midde-Ooste word 'n gevoel van **terreur** geskep deur hierdie organisasie. Amerika behoort regtig **wakker te word** om op 'n **kragdadige** manier op te tree, of hierdie tipe terreur sal weer en weer sy kop uitsteek *reg hier* binne-in die Verenigde State.

In die Oekraïne is daar voortdurend berigte van Russiese troepe en tenks wat in die stilligheid hulle invloed uitbrei oor dele van daardie land en dit kom voor of *baie min* deur die Westelike magte *gedoen* word. 'n Stille Russiese "oorname" is duidelik aan die gang – net soos wat onlangs in die Krimoorlog die geval was. Aan die anderkant van die wêreld is China baie aggressief besig in die Suid-Chinese See. China teister voortdurend vloot-eenhede van die Filippyne en ander nabygeleë nasies, neem klein eilande oor waarop die ander regerings aanspraak maak en is duidelik besig om voor te berei vir **oorlog**, tensy iemand dit keer.

In Afrika is die *Ebola-virus* besig om 'n totale *gruwelike* bedreiging vir die hele mensdom te raak. Selfs sommige noodlenigingswerkers is besmet en 'n paar is reeds teruggeneem na die Verenigde State. *Hoe lank* sal dit neem voor die Ebola-virus na *ons gebiede,* in die VSA, Brittanje of Kanada versprei?

Terselfdertyd bring byna elke dag meer nuus oor verskeie regters in die Verenigde State wat probeer om die idee van "mans wat met mans trou" te wettig! Dit is iets waarteen ons *vir dekades* reeds gewaarsku het. Dit is iets wat 'n paar jaar gelede *heeltemal ondenkbaar* sou wees. Byna elke godsdienstige leier van daardie tyd sou hierdie skandelike praktyk heelhartig veroordeel het. Vandag egter, as gevolg van 'n "vloedgolf" van homoseksuele druk en aktiwiteite, verkrummel die een na die ander sektore van die samelewing onder die druk van hierdie seksuele perverte. Die Almagtige God noem steeds hierdie praktyke 'n "gruwel" (Levitikus 18:22). Selfs in die *Nuwe Testament* was die apostel Paulus deur die Almagtige God geïnspireer om die intellektuele manne van sy dag so te beskryf: "Terwyl hulle voorgee dat hulle *wys* is, het hulle dwaas geword" (Romeine 1:22). Dan verklaar hy: "Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang" (verse 26-27).

In die nabye toekoms, hoofsaaklik *as gevolg* van hierdie veragtelike praktyke, sal duisende of tienduisende meer mense met verskillende seksueel-oordraagbare siektes, dikwels **VIGS,** te voorskyn kom**.** As gevolg van al hierdie dinge sal die tradisionele huisgesin – wat die ware *fondament* en die krag van ons samelewing is – al hoe meer verkrummel. Kinders sal handuit ruk. Namate al hoe meer veragtelike praktyke oorneem en mans en vroue **afgesny word** van God deur hulle eienaardige gedagtes en dade, sal mense toenemend 'n gevoel van leegheid ervaar, *sonder enige doel om voor te leef*.

Dus, as gevolg van *al hierdie dinge*, sal die Almagtige God **binnekort** ingryp, nog in die meeste van u se leeftyd!

**Ontsaglike veranderings gedurende my leeftyd**

Ek het grootgeword gedurende die Groot Depressie en die Tweede Wêreldoorlog. Gedurende my jeug was daar patriotisme, 'n *gevoel van eenheid* regdeur Amerika en 'n lewensvreugde was ooglopend onder die meeste mense. In die *Wes-Sentraal Grade-skool* in Joplin, Missouri, het ons onderwyser dikwels die skooldag geopen met gebed. Gewoonlik was die "Eed van Getrouheid" aan die vlag en die Grondwet van die Verenigde State van Amerika ook opgesê. Die respek en eerbied vir die Tien Gebooie as 'n *lewenswyse* was voor die hand liggend en was dikwels deur ons ouers, skole en die gemeenskap as geheel versterk. Daar was 'n diepe respek vir die *huisgesin*, vir die *Bybel* en vir die idee dat "God ons Vader is".

Destyds was die *blote vermelding* van mans en vrouens wat saamwoon *sonder dat hulle getroud is*, 'n verleentheid. Egskeiding was beskou as 'n skande. Selfs die *idee* van mense wat afwykende seksuele dade met mekaar beoefen het, was *walglik* en byna *ondenkbaar*. Byna almal het verstaan dat God ons manlik en vroulik geskape het vir die doel van die *huwelik* en die *huisgesin*. Miljoene mense was bekend met Jesus se geïnspireerde opdrag: "En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat *hulle* gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Mattheüs 19:4-6). Ook het die meeste mense *in beginsel* sekerlik verstaan en saamgestem met die opdrag wat God aan ons voorvaders in antieke Israel gegee het: "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel" (Levitikus 18:22).

Nou egter, ná "opleiding" in baie van ons liberale kweekskole, of miskien behoort ons te sê teologiese "begraafplase", is duisende belydende "Christelike" predikante voorstanders van die teorieë van die homoseksuele aktiviste. Oënskynlik,

sonder veel nadenke of enige sin van verantwoordelikheid het honderde van ons wetgewers in verskeie state en stede – selfs Washington, DC – besluit om **God se Wette** te verwerp en sake in hulle “eie hande” te neem. Hulle het “meegedoen” aan die moderne gesindheid om die “spot te dryf” met God en Sy geïnspireerde Woord. Hulle het toenemend deur hulle optrede en wette en uitsprake, die insettinge en die verordeninge van die God van die Bybel “geminag”! Dan wonder baie mense nog: **Waarom** loop so baie dinge **verkeerd** vir Amerika en die volke van Britse afkoms? In plaas daarvan om duidelik die dominante nasies van die hele wêreld te wees – soos wat ons tot onlangs was – stort ons nou die afgrond in. Ons daal *al hoe* **laer** in ons nasionale mag en aansien. Dele van die suidweste van die VSA wil afskei van die res van die land. Baie mense in Skotland het onlangs 'n referendum ondersteun wat vra vir onafhanklikheid van die Verenigde Koninkryk. Mense is ontevrede. Regoor die wêreld verloop so baie dinge “verkeerd” vir ons volke.

Weereens, **waarom**?

**Die Almagtige God se dekreet**

Die Skepper het voorspel dat *hierdie dinge* oor ons volke sou kom **indien** ons ons distansieer van Hom en van Sy Wette en insettinge: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet” (Levitikus 26:14-16).

God het gewaarsku dat indien ons Sy “wette en insettinge” verbreek, hierdie oordele oor ons as 'n volk sal kom. Die eerste ding wat sal gebeur is “verskrikking”, wat ook vertaal kan word as **terrorisme**! Dit het alreeds begin. Dit het met die aanval van Islamitiese fanatici op die Wêreld Handelsentrum en die Pentagon op 11 September 2001 begin. Dit *gaan nog veel erger* word indien ons voortgaan om God se Wette en insettinge te verbreek.

Die volgende is “verterende siektes”. Een van die heel gevaarlikste siektes van hierdie aard is natuurlik VIGS, wat *direk versprei* word deur homoseksuele kontak en verwante praktyke. Soos Levitikus 26 dan beslis aandui, sal ons 'n hele vloedgolf van *siekte-epidemies*, droogtes en hongersnood beleef. **Kragtige aardbewings** en baie ander “natuurrampe”, sal oor ons volke kom **indien** ons ons nie opreg bekeer en ons tot God wend nie. Indien u graag 'n *volledige verduideliking* wil hê van die belangrikste gebeure wat *binnekort sal plaasvind*, skryf gerus aan ons of skakel ons *vandag* nog en vra u **gratis** kopie aan van ons kragtige boekie, *Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms Aankondig.* **Bestudeer** asseblief hierdie boekie – vergelyk dit met die wêreldnuus wat elke dag plaasvind – dan sal u besef dat die **Skepper** *nou* werklik begin om in te gryp in die mens se sake!

Jesus Christus het Self baie van die “Groot Prentjie”-gebeure beskryf wat binnekort sal plaasvind – meer en erger *oorloë*, **wêreldoorloë**, *hongersnood*, *siekte-epidemies* (of pessiektes) en “**groot aardbewings**” (Lukas 21:7-11). Na aan die einde van hierdie profesie, sê Jesus: “En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in *hulle* radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid” (verse 25-27).

Diegene van u wat begin het om *werklik te glo* dat daar 'n ware **God** is, kan baie dankbaar wees, want Hy **sal** ingryp. Hy *sal* die mensdom uiteindelik “red” van sy sondes en probleme. Aan die einde van hierdie profesie gee Jesus ons hierdie opdrag: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Lukas 21:36). Ons word dus deur Jesus Christus Self aangesê om te “waak” [op die uitkyk te wees]

vir hierdie wêreldgebeure en om **altyddeur te bid** dat ons "waardig" geag mag word en gespaar te word van hierdie gebeure wat binnekort sal kom!

**DOEN iets!**

Is *u persoonlik* besig om te begin waak en bid? Berei *u persoonlik* u hart voor om **God** met u hele hart en u hele siel **te soek**? Soos die meeste van u weet, doen ons *baie selde* hierdie soort persoonlike beroep op u lesers. Die *tyd is* egter *min*. Met my hele hart wil ek hê dat **u** "die prentjie" snap en oorgaan tot **aksie**! U *hele lewe* is op die spel. U *ewigheid* is op die spel.

Onthou asseblief my vriende, wanneer u God se profesieë wat Sy strawwe en beproewings oor Sy volke deur die geskiedenis heen betref bestudeer, God *altyd* sê dat **indien** ons beskerm wil word van enige tragedie, ons met ons *hele hart* **tot God** moet **uitroep**! Let op hoe God Sy volk opdrag gegee het toe die sewentig jaar van "Babiloniese ballingskap" tot 'n einde gekom het: "Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart" (Jeremia 29:11-13). Hy sê dat Hy na Sy volk sal *luister* "wanneer julle na My vra **met julle hele hart**"!

Geagte Lesers en Vriende, ek en u behoort **dít** waarlikwaar te **doen**! *Hoe dikwels bestudeer* u, persoonlik, met 'n oop gemoed, intens en aandagtig, die Bybel en mediteer oor sy **ware betekenis**? Hoe dikwels **roep u uit** tot God en smeek Hom met woorde soos hierdie: "Vader, ek is regtig baie keer nie seker wat om te doen nie, maar *wys my asseblief!* Help my asseblief om *wakker te word!* Gee my asseblief die geloof en moed om **op te tree**!"

In 'n kragtige waarskuwing aan ons voorvaders, wat *sekerlik ook op ons van toepassing* is, het die Almagtige God hulle gewaarsku dat hulle in die "laaste dae" van God sal afdwaal en "die HERE sal julle onder die volke verstrooi, en 'n klein klompie van julle sal onder die nasies oorbly waarheen die HERE julle sal drywe" (Deuteronomium 4:27). Dan sê die Almagtige God: "En daar sal julle gode dien, die werk van mensehande, hout en klip wat nie sien en nie hoor en nie eet en nie ruik nie. Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek**.** As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister" (verse 28-30).

Dus, aan die "einde van die dae" begin hierdie dinge gebeur! Dit sal **baie gou** oor ons volke kom, *tensy* ons ons werklik **bekeer**. God se Woord dui aan dat die meeste mense hulle **nie** sal bekeer nie totdat hierdie dinge werklik oor hulle kom. *U* persoonlik, **kan** egter tot bekering kom **indien** u gewillig is. Ons behoort **gewillig** te wees om te erken dat ons menslike weë **verkeerd** is, dat ons onsself gedistansieer *het* van die God van die Bybel, dat ons as volk weggesink het in toenemende vorms van *plesiersoekery* en absolute **genotsug**. Ons gesinne word uitmekaar geskeur. Die sedelike waardes in ons openbare skole en kolleges verval. Ons hele nasie word vernietig omdat ons **weier** om God en Sy weë te vereer. Dan sê God in hierdie tyd, in hierdie situasie: "Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek" (vers 29).

As Hoofredakteur van hierdie tydskrif en as die geroepe en uitverkore kneg van God, die Almagtige, **doen ek nou 'n beroep** op elkeen van u om tot die **daad** oor te gaan! **Moenie aanneem** dat u vorige godsdienstige idees en gebruike die Almagtige God behaag nie. Die *ware* Jesus Christus van u Bybel het die godsdienstige leiers van Sy dag kragtig gewaarsku: "Waarom oortree julle ook die gebod van God ter wille van julle oorlewering?" (Mattheüs 15:3). Daarna: "So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering. Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie

van mense is" (verse 6-9).

My vriende, die meeste van *u* wat hier lees is natuurlik opreg, anders sou u nie bereid gewees het om enigiets anders as "hoofstroom" godsdienstige opvattings te oorweeg nie. Net soos ek vir die eerste 19 jaar van my lewe was, het die meeste van u **nog steeds** in u gemoed allerhande vorms van *onbybelse* en selfs "**heidense**" opvattings ingegraveer. *Dít* is wat die meeste van u *u lewe lank* geleer is. God *beveel* al Sy mense: "Beproef alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21). Leer om die voorbeeld van die Bereaanse Christene wat deur God geprys is na te volg, want hulle was "edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was" (Handelinge 17:11).

U Bybel sê: "Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie" (Amos 3:7). Iewers op hierdie aarde het die ewige God nog *altyd* **ware** dienaars gehad. Op die een of ander manier, deur Sy genade, het God *u* in aanraking gebring met Sy ware dienaars en Sy ware Werk op die aarde in hierdie laaste dae van ons menslike beskawing. Wees asseblief om u *eie onthalwe*, gewillig om te *oorweeg* en te **bewys** wat ons te sê het!

Byna almal van ons jarelange lesers weet dat ons **nooit** druk uitoefen om "geld uit u te kry" nie! **Al** ons leesstof is absoluut gratis vir u om te ontvang en u word hoegenaamd onder *geen verpligting* geplaas nie. Dus, in die lig van wat ek hierbo geskryf het, is dit lewensbelangrik dat indien u nie alreeds hierdie boekies het nie, u ons dadelik behoort te kontak om u **gratis** eksemplaar van die boekie wat ek reeds genoem het, aan te vra, naamlik: *Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms Aankondig*, saam met nog twee ander belangrike en werklik "insiggewende" boekies: *Hervestig die oorspronklike Christenskap* en *Satan se Vervalste Christendom*. **Indien** u gewillig is om uself te wy aan 'n bietjie ernstige *studie* en te **bewys** wat die Skepper werklik in Sy geïnspireerde Bybel sê, kontak ons asseblief om 'n *gratis Wêreld van Môre Bybelstudiekursus,* wat uit 24 lesse bestaan, aan te vra.

**Doen u deel**

*Indien u ook* 'n opregte begeerte *het* om deur te druk met God se waarheid en ons persoonlik wil "ondersoek", behoort u seker te maak dat u een van ons predikers of verteenwoordigers vra om u te *besoek*. Ons sal nie ongenooi na u huis kom nie – of 'n ontmoeting moontlik in 'n koffiewinkel of ander openbare plek sal u dalk beter pas. Indien u 'n vrou is, kan ons u verseker dat ons nooit net 'n man sal stuur om u te ontmoet nie. Ons verteenwoordiger sal bly wees om u te kan ontmoet – dalk saam met sy vrou of dalk saam met 'n ander leraar om met u te praat oor die ware **betekenis** van die lewe. Hy sal *u vrae* oor die Bybel *beantwoord* en **indien u sou verkies,** u in besonderhede alles oor hierdie Werk vertel en *wanneer* en *waar* u ander ware Bybel-gelowige Christene kan ontmoet. Hy sal op **geen manier** druk op u uitoefen nie – dis 'n belofte.

Dus, weereens, ter wille van uself, gaan oor tot **aksie**! Ek dring byna **nooit** so sterk daarop aan soos ek nou doen, deur u te vra om oor te gaan tot aksie nie. Namate hierdie profetiese gebeure egter byna daagliks oor ons pad kom, word ek genoodsaak om in hierdie tyd na u uit te reik en te bid dat God u sal help *om te verstaan* en om gewillig te wees om daardie dinge te **doen** wat u behoort te doen, sodat u God se beskerming kan verkry gedurende hierdie laaste dae van menslike geskiedenis en om in God se ewige Koninkryk te wees.

God keur nie "halwe" Christene goed nie! In Sy geïnspireerde Woord **waarsku** Hy spesifiek dat die laaste era van Sy Kerk op hierdie aarde gekenmerk sal word deur wat ons noem, die "Laodiceaanse" gesindheid. God het die mense van *ons tyd gewaarsku*: "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm. Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug" (Openbaring 3:15-16). Ons **behoort nie** daardie gesindheid te weerspieël in **ons eie** Christelike lewens nie!

My liewe vriende en medewerkers, God help ons

***Vervolg op bladsy 26***

# Lesse te leer uit die winter

## Deur James Ginn

**Nadat 2014** een van die koudste weertoestande in die moderne geskiedenis **opgelewer het**, mag baie Kanadese dit 'n bietjie ontstellend vind om te besef dat ons in 2015 weereens gekonfronteer sal word met daardie gedugte vyand, naamlik die winter.

In dele van oostelike Kanada mag sommige mense dalk nog wonder wanneer die winter van 2014 geëindig het. In dele van Ontario is temperature van 30ºC (86˚F) of meer, vir slegs agt dae gedurende die hele somer bereik. Terwyl die temperature dwarsdeur die jaar ontydig koel gebly het, het die sneeu wel gesmelt en het groen weer triomfantlik na vore gekom uit die eindelose see van wit wat skynbaar gedreig het om die helder kleur van die natuur heeltemal uit die prisma te laat verdwyn. Ja, die winter van 2014 was erg, selfs volgens Kanadese standaarde.

Kanada is 'n land wat tradisioneel in die winter floreer. Bewapen met 'n vloot van sneeuploeë, sneeustewels, ysskaatse, sneeumobiele en dies meer, word die Ware Noorde selde gekortwiek deur temperature en wintertoestande wat groot dele van die res van die wêreld sou lamlê. Die Kanadese raak egter opgewonde oor die winter en verwelkom sy ysige greep. Om hierdie moeilikste seisoen te trotseer lyk na 'n bron van trots in Kanada. Verhale oor oorlewing gedurende die winter word gereeld tussen die Kanadese vertel en daar is geen nodigheid om te oordryf nie want die toestande raak regtig so sleg. Diegene wat van 'n warmer klimaat afkomstig is, luister grootoog na verhale van temperature wat kookwater, wanneer dit in die lug opgegooi word, letterlik laat vries voordat dit op die grond val! Op 'n manier definieer die winter die taaiheid en durf van die Kanadese, maar die winter van 2014 was wreed, selfs vir hierdie geharde krygsmanne wat gewoond is aan bitter koue weer.

### Nog 'n wrede winter wat voorlê?

Die winterweer en volgehoue koue temperature het toegesak lank voor dit te wagte was en het individuele vuurmaakhout voorrade en olie vir verwarming tot die uiterste beproef. 'n Ysstorm het in Desember 2013 wydverspreide kragonderbrekings veroorsaak. Die skade aan die kragnetwerk was so wydverspreid dat baie mense vir drie dae of langer sonder krag was in die uiterste koue. Baie van die bome wat omgeval het en takke wat na die ysstorm besaai gelê het oor die landskap, het tot diep in die lente daar bly lê, omdat die ys vir maande lank nie gesmelt het nie en dit moeilik was om die toerusting in die gebiede te kry wat nie gereeld deur sneeuploeë gediens word nie. Asof die ys nie erg genoeg was nie, het gereelde, meedoënlose sneeu die probleem vererger. Die verwydering van die sneeu in die opritte en op die sypaadjies is ook bemoeilik en gevaarliker gemaak deur die ys daaronder. Die winter het nog tot diep in die maande wat voorheen gereserveer was vir lente aangehou. Selfs in geharde stede soos Winnipeg, ook liefderik bekend as "Winterpeg", het Kanadese begin moeg raak vir die seisoen wat gewoonlik kenmerkend verbind word met hulle vaderland.

Indien ons na die laaste maande van 2014 sou kyk, sien ons dat die vlaktes sowel as groot dele van oostelike Kanada weereens 'n wrede winter in die gesig gestaar het. As gevolg van die *El Niño* weerpatroon, verwag Chris Scott, die Hoof Meteoroloog van *The Weather Network,* dat temperature "kouer" as normaalweg sal wees. Terwyl die meeste winter-liefhebbers gretig die eerste sneeu afwag, kan dit 'n vooruitskouing wees van nog 'n strawwe winter wat voorlê. Met 'n gemiddelde temperatuur van -20.3˚C (-4.54˚F) van Desember tot Februarie in Winnipeg in 2013, kan die vooruitsig van nog 'n onverbiddelikke winter skrikwekkend lyk. Kanadese sal egter doen wat hulle gedoen het in afwagting van elke winter. Hulle sal die voorbeeld van die

mier volg *deur voor te berei*!

**Berei voor**!

Die Bybel wys ons op 'n interessante detail oor hierdie vlytige klein insek, wat deur die Kanadese aangeneem is, al is dit vir geen ander rede as die blote noodsaaklikheid om te oorleef nie. "Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys! Hy wat geen aanvoerder, opsigter of heerser het nie, maak sy brood klaar in die somer, bêre sy voedsel weg in die oestyd" (Spreuke 6:6-8). Die mier berei instinktief voor vir die winter. Dit is noodsaaklik, want gedurende die wintermaande is die geleenthede om kos te soek skaars en die koue temperature kan dodelik wees. Ten einde die felheid van die winter te oorleef, berei die mier vroegtydig voor.

Dit is nie anders vir die Kanadese nie, veral vir diegene wat in landelike gebiede woon. Met die wete dat die winter nader kom, werk hulle hard om voor te berei. Ontelbare ure word gespandeer om brandhout bymekaar te maak en te verwerk en om huise "winterdig" te maak. Kaggels word skoongemaak, seëls word vervang, pype word toegedraai en motors word toegerus met sneeu-buitebande. Sneeublasers word gediens en winterbaadjies word uitgehaal, saam met kousmusse, handskoene, serpe en sneeustewels. Die meer avontuurlustiges haal selfs die ski's uit of beplan 'n ys visvangavontuur – ongeag egter wát vir die winter beplan word, hulle berei voor.

Die Skrif gee ons hierdie stukkie wysheid: "'n Skrander mens sien die onheil en verberg hom, maar die eenvoudiges gaan verder en word gestraf" (Spreuke 22:3). Versuim om voor te berei vir die winter kan duur, selfs dodelik wees. Om op ysige paaie in die winter te reis kan in 'n ramp eindig. Selfs 'n skielike sneeubui kan noodlottig wees vir diegene wat onvoorbereid is. Sommige mense het ewe dwaas nagelaat om noodvoorrade, soos warm komberse in hulle motors te sit, net om hulleself gestrand langs die pad te vind en dan te verkluim. Sommige mense reis sonder swaar wintersklere, omdat hulle nie dink dat hulle in 'n ongeluk betrokke kan wees nie – selfs wanneer daar 'n voorspelling vir witsig toestande of ge-ysde paaie is! Sommige mense het met hulle lewens geboet as gevolg van 'n gebrek aan beplanning, deur meters van hul motors af in die sneeu te verkluim terwyl hulle by nabygeleë huise hulp wou gaan soek. 'n Verstandige mens verwag die soort gevare en berei vir so iets voor, soos die meeste Kanadese doen wanneer hulle sien dat die seisoenale winterbeer sy kop oplig.

**Kyk uit vir die tekens**

Die wete dat die winterseisoen aan die kom is, gee dryfkrag aan die voorbereidings. Om dieselfde rede het Jesus Christus Sy dissipels gewaarsku om te "waak" en "gereed te wees" vir die gebeure wat voorlê (Mattheüs 24:42, 44). Terwyl Christus daarop wys dat niemand die presiese datum van Sy Wederkoms ken nie, dui Hy ook aan dat daar "seisoenale tekens" sal wees om ons te laat weet dat die tyd naby is, net soos die veranderende kleure van die herfsblare ons waarsku dat die naderende winter op hande is.

"En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie" (Mattheüs 24:32-34). Terwyl hierdie gelykenis vir die Kanadese hoop bied op grond van die feit dat dit verwys na die koms van die lente, bied dit ook hoop vir die Wederkoms van Christus onder wie se bewind nasies die geleentheid sal hê van gebalanseerde weer ("reën op die regte tyd") en die seëninge wat daarmee gepaard gaan (Levitikus 26:3-5). Verder openbaar hierdie gelykenis dat daar sekere sleutels is wat aan ons sal sê wanneer Christus se Wederkoms aan die einde van hierdie tydperk naby is. Wanneer hierdie lank reeds geprofeteerde seisoen aanbreek, behoort ons bedag te wees op die aanwysers en alles in ons vermoë doen om voor te berei daarvoor. WvM

# Ek is regtig dankbaar ...

## Deur Gary F. Ehman

*Waardeer ons regtig die seëninge wat God aan ons gegee het terwyl ons oorlaai is met so baie "eerste-wêreldse probleme"?*

Jesus Christus sê in Mattheüs 6:25: "Moenie julle kwel oor jul lewe – wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam – wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?"

Waarom is ek altyd bekommerd oor hierdie dinge wanneer die Verlosser van die mensdom dit sê. Nog 'n huispaaiement; die oond word ouer; voedselpryse raak belaglik; my beste pak klere raak 'n bietjie verslete (het u gesien wat die nuwes kos?). Het ek die motor genoem?

My huis. My oond. My kosrekening. My pak klere. My motor. Ons het hierdie dinge in oorvloed in 'n wêreld waar die helfte van die bevolking 'n gebrek aan selfs die basiese dinge het om van te lewe. Statisties gesproke leef byna drie miljard mense van minder as twee dollar [R22] per dag. Volgens die Verenigde State se Sensusburo, was die gemiddelde huishoudelike inkomste in Amerika in 2012, $51 371 [R565,000], 'n bietjie meer as $140 [R1,540] per dag. Die Amerikaanse Departement van Gesondheid en Maatskaplike Dienste definieer die "broodlyn" as $11 670 [R128,370] vir 'n enkellopende persoon; of $32 [R350] per dag. Vir 'n gesin van vier, word armoede gedefinieer as 'n huishoudelike inkomste van minder as $23 850 [R262,350], of sowat $65 [R715] per dag.

Op 27 November 2014 sal miljoene mense regoor die VS aansit by 'n nasionale maaltyd wat in groot dele van die wêreld vergelyk kan word met 'n koning se banket en in terme van kalorieë, sal dit die gemiddelde gesin wat in die wêreld in armoede leef, vir 'n week lank kan voed.

Volgens die Brood vir die Wêreld-instituut ly 805 miljoen mense regoor die wêreld honger. Sowat 1,2 miljard mense leef op minder as $1,25 [R13,75] per dag. Elke dag sterf meer as 7,000 kinders van honger-verwante oorsake, meer as vier kinders elke minuut.

Jesus se stelling, "Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?" sal nie voorop in die gedagtes van die gemiddelde Amerikaner wees op Dankseggingsdag nie. Vir baie mense sal dit die "vermaak" en die Kersinkopies op die volgende dag wees, besigheid soos gewoonlik, terwyl ons die vierdaagse vakansie-naweek geniet.

Hoeveel dankbaarheid sal daar wees wanneer gesinne aansit vir 'n ete en 'n kort gememoriseerde gebedjie opsê: "Kom Here Jesus, wees ons gas en laat hierdie gawes aan ons geseënd wees, Amen"?

Nadat Abraham Lincoln Dankseggingsdag ingestel het, het hy gesê: "Dit is die plig van nasies, sowel as van individue, om hulle afhanklikheid van die oorheersende mag van God te erken; om hulle sondes en oortredings in nederige berou te bely, maar tog met versekerde hoop dat ware bekering sal lei tot genade en vergifnis; en om die verhewe Goddelike waarheid te erken, soos in die Heilige Skrif aangekondig en deur die geskiedenis bewys is: Dat ***daardie nasies wie se God die Here is geseën sal wees".*** President Lincoln het Psalm 33:12 aangehaal.

In vandag se Amerika sou daardie woorde hom waarskynlik deur die *ACLU* in die hof laat beland het en hy veroordeel geword het deur die polities-korrekte politici en joernaliste. President Lincoln was wel reg deur te verkondig: "Ons was die ontvangers van die beste skatte van die hemel; ons is baie jare lank in vrede en voorspoed bewaar; ons het gegroei in getalle, rykdom en mag soos geen ander nasie gegroei het nie. Ons het God egter vergeet ... en ons het ons verniet verbeel, deur die verleiding van ons harte, dat al hierdie seëninge meegebring is deur 'n soort meerderwarige wysheid en deugde van ons eie".

***Vervolg op bladsy 26***

# Openbaring: 'n Boodskap van vermaning ... en hoop

Deur Richard F. Ames

*Die boek Openbaring bevat geheimsinnige simbole wat slegs 'n paar mense verstaan het. Kan u die geheime van Openbaring ontsluit? Is dit moontlik vir u om te weet wat die toekoms van ons wêreld is – en wat u deel daarin is?*

Die boek Openbaring, soms die Apokalips genoem, is een van die belangrikste boeke in die wêreld! Waarom? Omdat dit die toekoms van die mensdom openbaar en die toekoms van die planeet Aarde! Dit bevat egter simbole en geheime wat vir ons 'n uitdaging is. Wat beteken hierdie laaste boek van die Bybel en hoe sal dit u en u toekoms raak?

Die apostel Johannes was na die eiland Patmos verban, na aan die suidwestelike kus van Turkye, wat die Romeine as 'n strafkolonie gebruik het. Johannes het alreeds drie van die sendbriewe geskryf wat deel sou word van die Nuwe Testament, toe God hom teen ongeveer 95 n.C. geïnspireer het om die boek Openbaring te skryf.

God het Johannes beveel om neer te skryf wat hy gesien het en 'n seën uitgespreek oor diegene wat dit wat Johannes geskryf het sou bestudeer: "Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby" (Openbaring 1:3). Ja, die Almagtige God beloof dat Hy u sal seën indien u Sy vermaning volg, deur die woorde van Openbaring te lees, te hoor en wat in hierdie lewensbelangrike boek geskryf staan, ter harte te neem.

Johannes het die rekord van sy visioen aan sewe gemeentes op 'n algemene posroete in Klein-Asië gestuur. Daardie gemeentes het vandag nog vir ons betekenis. Hulle was Éfese, Smirna, Pérgamus, Thiatíre, Sardis, Filadelfía en Laodicéa (sien Openbaring 1:11). Vandag kan 'n mens die argeologiese terreine in hierdie stede in westelike Turkye besoek. Die geestelike gesteldheid van hierdie sewe gemeentes word weerspieël in God se Kerk oor die afgelope twee millennia.

Die Openbaarder, Jesus Christus, sê ons aan om **lesse** uit elke gemeente te leer. Hy sê sewe keer aan ons, een keer vir elke gemeente: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê".

Pas enigeen van die beskrywings van hierdie gemeentes by **u** geestelike gesteldheid?

**Die sewe gemeentes**

Jesus beskryf die gemeente in Éfese op hierdie manier: "Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het" (Openbaring 2:4). Die opskrif in die Bybel etiketteer Éfese as "Die liefdelose Kerk". Jesus waarsku die Efesiërs: "Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke" (vers 5). Het u u "eerste liefde" as Christen verloor?

Smirna word geëtiketteer as "Die vervolgde Kerk". Jesus sê in Openbaring 2:9: "Ek ken jou werke en verdrukking en armoede – maar jy is ryk ... Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee" (verse 9-10). Het **u** getrou lyding en vervolging deurstaan?

Pergamus, die derde stilhouplek op die roete, is bestempel as: "Die kompromitterende Kerk". Pergamus het leerstellings geduld wat tot onsedelikheid lei. Jesus waarsku: "Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond" (vers 16). Het **u** met valse leerstellings gekompromitteer?

Thiatíre is "Die korrupte Kerk". Jesus verklaar: "Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste. Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet. En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.

Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie" (Openbaring 2:19-22). Het **u** die prooi van korrupsie geword?

Sardis, die vyfde Gemeente, is: "Die dooie Kerk". Jesus waarsku: "Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood. Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie. Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou" (Openbaring 3:1-3).

**Het u lewende geloof?**

Filadelfia is "Die getroue Kerk". Christus belowe die Filadelfiërs: "Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie" (Openbaring 3:10-11). Hou **u** vas aan die waarheid van God?

Laodicéa, die laaste Gemeente op die posroete, is "Die louwarm Kerk". Jesus waarsku die Laodicense: "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug" (Openbaring 3:15-16). Het **u** geloof lou geword?

Jesus wil graag hê dat ons na al sewe hierdie boodskappe sal luister. Dit openbaar die veranderings wat ons in ons lewens behoort te maak. Hy sê sewe keer aan ons: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê" – aan al sewe van die gemeentes.

Christus se sewe boodskappe openbaar ook die geestelike eienskappe en gesindhede van die Christelike Kerk, vanaf Christus se tyd tot aan die einde van hierdie tydperk. Ons mag vandag in 'n Laodicéa-tydperk leef, maar individueel kan ons 'n Filadelfiese benadering tot ons Christenskap hê – liefde teenoor ons broers en susters en om onsself te gee om te help dat God se waarskuwingsboodskap 'n wêreld sal bereik wat homself binnekort in 'n ongekende krisis voor Christus se Wederkoms sal bevind.

**'n Visioen van die hemel**

In Openbaring 4 vertel Johannes van sy visioen van die hemel. Hy sien die werklike troonkamer van die Almagtige God, met 'n **reënboog** rondom die Vader se setel van gesag. Hoe ontsagwekkend en inspirerend is dit dat ons Vader Sy hemelse troon aan ons beskryf. Dink u daaraan wanneer u bid? Christene kan direk tot God in die hemel bid, deur middel van hulle Verlosser en Hoëpriester, Jesus Christus. "Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word" (Hebreërs 4:16). Dank God dat u na Hom kan kom in gebed. Maak seker dat u nadink oor die majesteit en glorie van God en Sy troon wanneer u Openbaring 4 lees.

Openbaring 5 beskryf aan ons Johannes se visioen van 'n boekrol wat met sewe seëls verseël is. In die eerste eeu n.C. het skrifgeleerdes manuskripte op lang stroke papirus of perkament wat opgerol gehou was, geskryf. Johannes skryf: "En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël. En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek?" (Openbaring 5:1-2).

Johannes huil, want daar was niemand waardig om die boek oop te maak nie – totdat die Lam van God, Jesus Christus, begin om die seëls oop te maak. God openbaar ons asemrowende toekoms in 'n gewigtige boodskap aan die opgestane Christus: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers" (verse 9-10).

Jesus, die Lam van God, het Sy bloed gestort vir die sonde van elke mens. Diegene wie werklik berou het oor hulle sondes en wie hulle geloof getoon het deur met die doop wat God se Woord beveel,

gedoop te word, het vergifnis van hulle sondes ontvang. Hulle is verlos! Moontlik het **u** die punt in u lewe bereik waar u die noodsaaklikheid van vergifnis besef. U besef die nodigheid om u lewe te verander en 'n drastiese aanpassing te maak. Indien u regtig ernstig is om so 'n verandering te maak, nooi ons u uit om 'n ware leraar van Jesus Christus te raadpleeg. Skryf net aan ons by een van ons streekskantore, soos gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif, of kontak ons aanlyn by *www.wvm.co.za.*

Daardie mense wat hulle bekeer en hulle lewens verander deur hulle Verlosser te gehoorsaam, kan uitsien na 'n wonderlike toekoms. Hulle sal die aarde as ewige, verheerlikte kinders van God beërwe en gedurende die Millennium sal hulle saam met Christus regeer (Openbaring 20:4-6)! God openbaar aan ons 'n asemrowende en glorieryke toekoms. Getroue Christene sal die aarde en alles beërwe, met inbegrip van die heelal (Openbaring 21:7). Indien God u nou roep, sal u dit beslis nie wil misloop nie!

Openbaring 6 bevat die **eerste vier seëls** van Openbaring. Dit is die bekende vier ruiters van die Apokalips. Die vier perde en hulle ruiters simboliseer groot verwoesting op die aarde. Wat beteken dit dan? Jesus, die Openbaarder, het 'n uiteensetting van profetiese gebeure in die Olyfberg-profesie in Mattheüs 24, Markus 13 en Lukas 21 gegee. Hierdie profetiese gebeure verduidelik die vier ruiters in die boek Openbaring. Die bekende vier ruiters van die Apokalips simboliseer valse christusse en 'n valse godsdiens, oorlog en die verskriklike gevolge daarvan, hongersnood wat normaalweg kort op die hakke van oorlog volg en peste en siektes wat volg ná 'n hongersnood.

Skokkende tye lê vir die hele wêreld voor. Ons behoort daarop voorbereid te wees. Hierdie vier ruiters sal verwoesting oor die hele aarde aanrig. Ja, daar was nog altyd oorloë, hongersnood en siektes. Die vier ruiters se rit sal in die jare wat voorlê toeneem in intensiteit en ons sal rekordgetalle sterftes en ongevalle sien. Nie net sal grootskaalse oorloë verwoesting veroorsaak nie, maar die euwels van terrorisme teen die Westerse nasies sal toeneem, tensy hulle hulle bekeer van hulle onsedelikheid en wetteloosheid. Die tyd sal aanbreek wanneer al die oorloë, plae, pandemies, hongersnood en droogtes van die verlede onbenullig sal lyk in vergelyking met die verskriklikste skrikbewind wat oor die Amerikaners en nasies van Britse afkoms sal toesak.

Dan kom die **vyfde seël**. "En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het" (Openbaring 6:9). Hier word die martelaarskap van die heiliges beskryf – ware Christene. In die eerste eeu het die Romeinse keiser Nero Christene ernstig vervolg en hulle laat doodmaak. Die vyfde seël dui ook op 'n groot eindtydse vervolging van die heiliges en die Groot Verdrukking.

Dan maak Jesus die **sesde seël** oop, die openbaring van die hemelse tekens wat mense oor die hele aarde sal skok. Wat is daardie tekens? "En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit" (Openbaring 6:12-14). Ja, Bybelse profesieë vertel van 'n tyd wanneer vreesaanjaende asteroïdes en meteoriete deur die hemele sal skiet. Massiewe aardbewings sal ook die grond onder ons skud. Ons het al sterk aardbewings en tsoenami's gedurende die afgelope jare ervaar, maar dié wat gaan kom, sal baie erger wees en sal elke berg en eiland verplaas.

Daardie hemelse tekens lei die sewende seël in, wat bekend staan as die Dag van die Here, die tyd van God se toorn en oordeel oor 'n ondankbare en rebelse wêreld, wanneer Jesus Christus, die Lam, God se regverdige oordele sal voltrek. Die Dag van die Here is ook bekend as "die groot dag van sy

toorn" (vers 17)!

Wanneer die **sewende seël** oopgemaak word, vind ons dit bestaan uit sewe oordele. "En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank. En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee" (Openbaring 8:1-2). Met hulle basuine [ramshorings] kondig die engele plae aan wat die aarde sal verwoes.

Hierdie plae sal geweldige lyding bring vir diegene wat gedurende hierdie tyd van verdrukking leef, behalwe vir 'n handjievol mense wat deur God beskerm sal word in 'n plek van veiligheid. Daar is egter goeie nuus! Direk ná die Dag van die Here volg die glorieryke Koninkryk van God wat Jesus Christus op hierdie aarde sal vestig! Ja, Jesus Christus sal met groot mag en liefde terugkom, om die duisend jaar van Sy duisendjarige heerskappy op die planeet Aarde in te lui.

**God beloof seëninge**

Soos ons gesien het, beloof God om diegene te **seën** wat Sy Woord bestudeer en daarna streef om daarvolgens te leef. U wil nie God se seëninge misloop nie. Lees die boek Openbaring met die wete dat God u sal seën as u daarna streef om dit te verstaan en Sy lewenswyse uit te leef. Ons wêreld verkeer vandag in gevaar en verwarring. Bybelse profesie waarsku van nog meer en groter aardbewings, droogtes, oorstromings, orkane, vulkaniese uitbarstings en ander natuurrampe. Selfs wetenskaplikes en geopolitici voorspel nou 'n geweldige toename in omgewingsrampe en militêre konflikte namate die 21ste eeu ontvou.

Daar **is** verskriklike tye wat voorlê. Die boek Openbaring openbaar ook God se genadige ingryping tydens die Dag van die Here en die terugkeer van die Prins van Vrede, Jesus Christus, tydens Sy Wederkoms. Ons sien uit na die sewende basuin wat aan ons goeie nuus sal bring: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Ware Christene sal **juig** wanneer hulle daardie aankondiging hoor, maar die misleide nasies en militêre magte sal **nie** verheug wees nie – hulle sal toornig wees. Let op: "Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het. En die nasies was vertoornd, en U toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf" (verse 17-18).

Die Koning van die konings, Jesus Christus, sal die oorlog teen die ontsaglike groot gekombineerde militêre mag van die rebelse mensdom wen. Dan sal Christus die bose wêreldse magte, wat gesimboliseer word deur die diere van Openbaring 13 en 17, oordeel.

Wie is die dier met die sewe luiperd-agtige koppe en tien horings van Openbaring 13, wat pote soos 'n beer en 'n bek soos 'n leeu het? Wie is die dier met twee horings wat soos 'n lam lyk, maar soos 'n draak praat? Wie is die vrou wat op die dier van Openbaring 17 ry? Skryf gerus vir u gratis kopie van ons boekie, *Openbaring: Die Verborgenheid Onthul* – dit sal die betekenis en identiteit daarvan verduidelik en wat dit in u toekoms en die toekoms van die wêreld sal beteken.

Na "die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God" (sien Openbaring 16:14), sal die Prins van Vrede oor al die nasies regeer. Vir die eerste keer in die mens se geskiedenis sal die mensdom begin om ware vrede in die wêreld te geniet. "En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde" (Sagaria 14:9). Die heiliges sal vir 'n duisend jaar lank saam met Christus oor die aarde regeer (Openbaring 20:4-6) en daarna tot in ewigheid.

Die boek Openbaring maak bekend dat ons kan uitsien na die koms van die Koninkryk van God. Terwyl ons waak en wag, behoort ons elke dag te bid: "... laat u koninkryk kom"! Kort nadat die duisend jaar van Christus se Millennium-heerskappy op aarde voltooi is, sal die nuwe

***Vervolg op bladsy 26***

# Die ekonomie van Kersfees

Deur Dexter B. Wakefield

*Baie waarnemers merk die "kommersialisering" van Kersfees op en betreur dit. Presies wat is die ware "rede vir die seisoen"? Kan ons Christus in Kersfees plaas? Was Hy ooit daar?*

"*Kersfeesgolf*". Dit is die term wat kleinhandelaars gebruik om die verskynsel van die Kersfees-kleinhandelseisoen, wat skynbaar elke jaar al vroeër begin, te beskryf. Baie van ons kan onthou toe vakansieversierings eers in Desember in die winkels verskyn het. Daarna het die verkoopseisoen in die Verenigde State reeds in November begin insluip en Kersmusiek het om en by Danksegging in die winkels begin speel. Dit is toe teruggeskuif na die week *voor* Danksegging. Nou sien ons in Oktober rondom *Halloween* gewoonlik versierings en hoor ons Kersmusiek in die inkopiesentrums. 'n Paar van die VS se winkels het selfs hulle eerste Kersuitstallings net na Arbeidersdag, die eerste Maandag in September gehou! *Sal Rudolf die Rooi-neus Rendier spoedig met die Paas-haas meeding om verbruikers se kontant?*

Wil u graag weet wat "die rede vir die seisoen" is vir sover dit die wêreldse bevordering van die Kersvakansie aangaan? "Volg net die geld"!

"Swart Vrydag" is die naam wat kleinhandelaars in die VS en die VK aan die dag net ná Danksegging gee – of *Vendredi Noir* in Frankryk en wat almal rondom die einde van November voorkom. Dit verwys na die tyd wanneer kleinhandelaars tradisioneel in ag neem dat hulle kontantvloei oorgaan van 'n verlies – "loop in die rooi" vir die grootste deel van die jaar – na 'n wins, wanneer hulle sê hulle is "in die swart". Dit beteken dat die meeste van hulle winste op verkope gedurende die vakansieseisoen voorkom – *geen Kersfees, geen wins*. Die Kersvakansie is van kritieke belang vir die kleinhandelekonomie. Hulle sal natuurlik graag die koopseisoen wil verleng vir so lank as moontlik. Daar is groot finansiële aansporing om gedurende daardie tydperk kleinhandelbedrywighede te verhoog.

**Maak dit of breek dit**

Kersfees kan vir kleinhandelaars 'n "maak of breek" tyd wees. Elke jaar moet hulle maniere vind om hulle verkoopsvolume gedurende die vakansie te handhaaf of te vergroot. Kreatiewe bemarkers vind talle maniere om 'n langer verkoopseisoen te skep want dit beteken dat meer van die verbruikers se swaarverdiende kontant beskikbaar is om hulle produkte te koop. Indien klante nie gedurende die jaar vir Kersaankope spaar nie, wat die geval vir die meeste mense is, sal hulle waarskynlik hulle aankope moet finansier met óf bestaande lone of kredietkaartskuld. 'n Drie of vier maande lange verkoopseisoen sal derhalwe meer verkope tot gevolg hê as wanneer bemarking slegs in Desember geskied. Ons sien dus wat kleinhandelaars bedoel met "Kersfeesgolf". Die vakansie bemarkingseisoen "sluip" al in November, Oktober of vroeër in, indien die handelaars daarmee kan wegkom.

Een van die belangrikste verkoopstegnieke is om 'n "Kersfeesgees" in en om die winkels te skep. Aanvanklik herinner die vakansieversierings kopers aan die seisoen en 'n feestelike gevoel van betrokkenheid word bygevoeg. Spoedig is Kersmusiek daar, gewoonlik van 'n wêreldse aard om te voorkom dat niegodsdienstige persone nie aanstoot sal neem nie en dit is 'n baie belangrike element om kopers te oortuig om al hoe meer te koop. Neuriesangers, van wie sommiges lank nie meer met ons is nie, sing sentimentele weergawes van *Santa Claus is Coming to Town* of *Rudolph the Red-Nosed Reindeer*. Nadat die verkoopseisoen in Januarie verby is, is die meeste mense baie verlig om van die konstante musikale bemarking ontslae te wees.

Baie werkgewers gee aan die einde van die jaar bonusse en die kleinhandelaars wil soveel as moontlik van daardie

bonusse opraap. Baie handelaars hou derhalwe groot uitverkopings aan die einde van die jaar om van oorblywende voorraad ontslae te raak en om só die bonusse van kliënte in die hande te kry.

*Skuldgevoelens verkoop*. Ouers word wysgemaak dat hulle nie goeie ouers is as hulle kinders nie "'n oorvloedige Kersfees" het nie. Hoe dikwels is u al gevra, "Het jy *'n oorvloedige Kersfees* gehad hierdie jaar?" Baie sentimentaliteit word aan die ontvang van 'n klomp geskenke geheg. U het finansieel opgeoffer om dit te koop en die belangrikste begunstigde van daardie sentiment is moontlik die handelaar wat die geskenke verkoop het, eerder as die ontvanger daarvan. Finansiële oorspandering weens emosionele redes is tydens Kersfees 'n algemene probleem – *soos krediet-invorderingsagentskappe weet*.

**Kredietkaartskuld – die spook van die vorige Kersfees**

Wat is dit met kaarte? Kredietkaartskuld skiet gedurende die vakansiedae die hoogte in en moet dan vir die res van die jaar afbetaal word teen baie hoë rentekoerse. Raadgewers aangaande persoonlike finansies noem hierdie opeenhoping van duur skuld die "Vakansieskuld-babbelas". *Krediet-invorderingsmaatskappye hou baie daarvan!*

"Verbruikersberading-agentskappe sien 'n 25 persent toename in die aantal mense wat in Januarie en Februarie hulp soek en die meeste van daardie mense word na die deure van agentskappe gedryf deur *vakansie-rekeninge wat by die verbruikers spook, soos die spook van die vorige Kersfees* ... 'Heelwat mense hou kop bo water deur die minimum op hulle kredietkaarte af te betaal', sê Durant Abernethy, president van die Nasionale Stigting vir Kredietberading. 'Voeg die vakansie rekeninge by en ewe skielik is daardie minimum meer as wat hulle kan bekostig'" (Eileen Alt Powell, "*Lingering Christmas Bills Can Lead to Debts Woes*". *ABCNews. go.com*. 7 Maart 2014).

Neem in ag dat met 'n tipiese 17 persent kredietkaart-rentekoers, die rente sal oploop tot R170 vir elke R1,000 kredietkaart-balans wat vir 'n jaar deur 'n verbruiker gehandhaaf word. Iemand wat 'n R5,000 skuldbalans vir 'n jaar het, sal jaarliks R850 aan rente betaal. Sommige koerse is aansienlik hoër. *Minimum betalings* wat gemaak word om kredietkaartskuld af te betaal, kan buitengewoon duur wees. Teen 'n 2,5 persent minimum maandelikse betaling wat baie kaarte hef (R120 vir R5,000), sal dit iemand 21 jaar en 2 maande neem om daardie R5,000 balans af te betaal. Die skuldenaar sal uiteindelik R6,045.45 *net aan rente alleen* betaal – bykomend tot die oorspronklike balans! Kredietkaartmaatskappye *hou van* die vakansieseisoen en die "Vakansieskuld-babbelas" wat dit meebring. Dit is uiters voordelig vir hulle en uitsonderlik duur vir onverstandige vakansiekopers.

Daar is baie verstandige raad beskikbaar om die probleme te hanteer wat deur die vakansieseisoen geskep word. Deborah Fowles beveel op *about.com aan:* "Hoe om die finansiële vakansie-babbelas te vermy: Klink hierdie scenario bekend? U gebruik kredietkaarte om u vakansie-inkopies te doen en belowe uself om die skuld binne twee of drie maande af te betaal. Ses of agt maande later (of langer), betaal u nog steeds af aan daardie items wat na groot winskopies gelyk het. Dit kos u nou 10 tot 20 persent meer as wat u gedink het, as gevolg van kredietkaartrente. By baie Amerikaners word hierdie skuld-patroon jaarliks herhaal. Persoonlike finansiële raadgewers noem dit die 'vakansie-babbelas'. Daar is tye wanneer die aangaan van kredietkaartskuld sin maak, maar deur geskenke te koop is nie een daarvan nie. Die gebruik van kredietkaarte lei dikwels tot impulsiewe besteding, oorbesteding en verhoogde skuld" ("*Avoid Credit Card Debt During the Holidays*").

Indien die koop van geskenke gedurende die vakansieseisoen 'n ekonomiese seën vir kleinhandelaars en kredietkaartmaatskappye is, is die maande *ná* die vakansiedae 'n ware *goudmyn* vir krediet-invorderingsmaatskappye. Krediet-invorderingsmaatskappye doen baie van hulle besigheid as gevolg van vakansie kredietkaartaankope.

**Die vakansieseisoen het vroeër begin as wat die meeste mense dink**

Die gebruik om geskenke gedurende Kersfees te gee dateer terug uit die Romeinse tye en vroeër en die heidense oorsprong van Kersfees is welbekend. Bykans al die kulture wat die son aanbid, het om en by die einde van Desember 'n belangrike fees gehou om die wintersonstilstand en die begin van die stadige groei van die son se boog in die lug te vier. In landelike gemeenskappe was dit die belofte van die lentetyd wat kom en is dit gewoonlik geassosieer met die "hergeboorte" van die songod van daardie kultuur. Soos 'n gewilde ensiklopedie beskryf: "Die viering van Saturnalia het die maak en gee van klein geskenke ingesluit (*saturnalia et sigillaricia*). Hierdie vakansie is oor 'n hele paar dae gevier en het op 17 Desember (die geboortedag van Saturn) begin en op 25 Desember (die geboortedag van *Sol Invictus*, die 'Onoorwonne Son') geëindig. Die gekombineerde feeste het gelei tot 'n verlengde wintervakansieseisoen ... Die fees van *Sol Invictus* op 25 Desember was 'n heilige dag in die godsdiens van Mithraïsme, wat wydverspreid was in die Romeinse Ryk. Die god Mithras was 'n songod van Persiese oorsprong en word geïdentifiseer met die Son. Dit vertoon sy onoorwonnenheid as *Sol Invictus* wanneer dit hoër in die lug begin beweeg ná die Wintersonstilstand, dus is 25 Desember gevier as die son se verjaarsdag. In 274 n.C. het Keiser Aurelianus 25 Desember amptelik aangewys as die fees van *Sol Invictus*" ("*Christmas*". *New World Encyclopedia*).

Dit is 'n geskiedkundige feit dat die feesviering op 25 Desember begin het as die geboortedag van die songod, *nie van die Seun van God nie!* Daar is geen Bybelse of ander historiese bewyse dat Jesus op daardie dag gebore is nie.

Hierdie vierings was baie gewild. Nadat die Romeinse Ryk onder Konstantyn Christenskap bely het, is die bestaande heidense fees dus by 'n nuwe teologie aangepas, wat gehelp het om populêre steun vir Konstantyn se bewind te wen. Die winterfees het heelwat deur die eeue heen ontwikkel, maar baie beginsels het dieselfde gebly, veral partytjies, geskenke gee en immergroen versierings.

**Kan die mensdom "heidensheid heilig maak?"**

Godsdienstige geskiedkundiges weet dat Kersfees sy oorsprong in die heidendom het, maar teoloë het lank geredeneer dat dit moontlik is om "heidensheid te heilig". Volgens hierdie uitgangspunt, kan 'n kultuur die voor-Christelike vorme behou, maar die heidense simbole en mites kan Christelik word in hulle betekenis en doel. Die invloedryke Katolieke leier, kardinaal Newman, skryf: "Ons word op verskeie maniere deur Eusebius ['n vroeë kerkhistorikus] vertel dat Konstantyn, ten einde die nuwe godsdiens by die heidene aan te moedig, die uiterlike ornamente waaraan hulle gewoond was daarin oorgedra het ... Die gebruik van tempels en die gebruik om dit op te dra aan spesifieke heiliges ... vakansiedae en seisoene ... om na die Ooste te draai, latere beelde ... is almal van heidense oorsprong en geheilig deurdat hulle in die Kerk aanvaar is" ("*An Essay on the Development of Christian Doctrine*", Hoofstuk 8:6).

Die teoloog, Christopher Dawson, gaan selfs verder wanneer hy skryf: "Die volledige *heiligmaking van die heidendom* is die eindresultaat van die verchristeliking van die wêreld" ("*The Leavening Process in Christian Culture*", 7 Augustus 1955). Dus, volgens hierdie siening, behels die bekering van die wêreld tot Christelikheid noodwendig die aanvaarding van heidense praktyke. Wie gaan egter wat aanneem? Sou die heidendom Christelikheid aanneem of sou die Christendom die heidendom aanneem?

Die feit is dus goed bekend onder wêreldse en godsdienstige geskiedkundiges dat baie van die simbole van Kersfees en die tyd van die viering daarvan uit heidense praktyke kom. Wat egter bevraagteken kan word is die leerstelling van die "heiliging van die heidense", wat gebruik word om baie praktyke in die Christendom te regverdig. Terwyl hierdie redenasies vir teoloë en tradisie-navolgers aantreklik kan wees, word dit

deur die Bybel weerspreek.

God het gesê: "As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode. *Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie*" (Deuteronomium 12:29-32).

God het nie sy sienswyse hieroor verander nie. Hy het aan ons gesê, "Want Ek, die HERE, het nie verander nie" (Maleagi 3:6) en "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8). God verwerp heidense praktyke en beveel ons om dit nie in te sluit wanneer ons Hom aanbid nie. Hy sê aan ons watter dae ons behoort te onderhou, hoe ons hulle behoort te onderhou en waarom ons dit behoort te onderhou. Daar was geen opdrag van Christus of van die Apostels om jaarliks Christus se geboorte te herdenk of om die heidene in hulle feeste na te boots nie, inteendeel, om heidene na te boots wanneer ons God aanbid, was verbode. U kan nie die "*heidensheid heilig maak*" nie.

**Baie mense onttrek**

Behoort Kersfees vir u 'n godsdienstige viering te wees? Die oorsprong van Kersfees is wel bekend en word nie juis betwis nie. Dit is 'n tradisionele vakansiedag waarvan die oorsprong in die heidendom is en dit is in die vierde en vyfde eeu n.C. in die belydende Christendom opgeneem. Dit is nie 'n Bybelse fees nie en is nooit deur die eerste eeuse Kerk gevier nie. Jesus Christus het nooit die herdenking van Sy geboorte beveel nie; inteendeel, Hy het Sy getroue volgelinge beveel om Sy dood te gedenk (Lukas 22:19; 1 Korinthiërs 11:23-26). Die Bybel verbied aanneming van heidense gebruike in aanbidding van die ware God, die God van Abraham, Isak en Jakob. Kersfees is dus nie 'n geskikte viering vir die mens *wat Christus bely nie!*

Bo en behalwe die *wêreldse* aspekte van die Kersvakansie-dae, is die koste en moeite wat die seisoen meebring, probleme wat baie mense liewer sal wil vermy. Die seisoenale vierings behels dikwels oormatige drankgebruik en die aantal verkeersongelukke neem drasties toe gedurende die vakansiedae. Almal behoort baie versigtig op die paaie te wees, veral in die nag. *Die bemarking van Kersfees oorheers die seisoen*. Inkopies kan baie stresvol wees, aangesien winkels volgepak is met kopers wat probeer om hulle inkopies vir 'n lang lys name wat geskenke verwag, af te handel. Die skuld wat gedurende die seisoen ophoop bly dikwels tot diep in die volgende jaar by die kopers. Dus onttrek *al hoe meer mense, tot hulle groot verligting, hulle van die wêreld se feesvierings*.

**God bied 'n beter weg aan**

Dit is 'n geskiedkundige feit dat die eerste-eeuse Kerk van God die Christelike Pasga en die sewe jaarlikse Heilige Dae soos beveel in Levitikus 23, onderhou het. Deur dit te doen, het hulle nie probeer om "Joods" te wees nie, hulle het God net eenvoudig gehoorsaam. Hierdie dae beeld God se plan van verlossing uit. Deur die onderhouding daarvan te beveel, verseker God in werklikheid dat ons aan hierdie groot plan uitvoering gee wanneer ons aan Sy jaarlikse feeste deelneem. Die apostel Judas vermaan die eerste-eeuse Kerk en so ook vir ons vandag: "Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is" (Judas 3). Bybels, sowel as geskiedkundig, sluit "die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is", die jaarlikse Bybelfeeste in. Die werklike keuse is of die opdragte van Christus en die Apostels, soos opgeteken in die Bybel, vandag gevolg behoort te word – of voortgegaan moet word met die bekende tradisies wat daardie opdragte vervang. WvM

# Môre se Jeug

## 'n Uitsondering op die reël

**Deur Jonathan McNair**

Van die begin van die mensdom se geskiedenis af, het ons nie van reëls gehou nie. Ons mislei onsself dikwels, **nie deur te sê 'n reël is sleg nie**, maar deur onsself te oortuig dat ons 'n **uitsondering** op die reël is.

In 1 Samuel 13 lees ons dat Saul geweet het dit was verkeerd om sonder Samuel se teenwoordigheid offers aan God te bring, maar hy het dit nogtans gedoen, omdat dit "spesiale omstandighede" was. Dwarsdeur die Bybel lees ons van talle voorbeelde van mense wat God se Wette verbreek het, omdat hulle in hulle harte gevoel het dat hulle situasie 'n "uitsondering" op die reël was.

Dit is menslike natuur om te voel dat ons "spesiaal" is – dat ons op die een of ander manier verdien dat dinge gebeur soos ons dit wil hê, maak nie saak watter struikelblokke ons dalk in die gesig staar nie. Eie-wil is 'n sterk krag en kan ons vir die werklikheid van ons omstandighede verblind, dus het God die profeet Jeremia geïnspireer om te skryf: "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit" (Jeremia 17:9). God weet dat die menslike hart, wat besluite sonder die hulp van God se Gees neem, vinnig is om ons te verlei om die verbreking van reëls te regverdig deur onsself te oortuig dat **ons** situasie 'n uitsondering is.

Hoe is dit van toepassing op myself en op u?

**Die grondbeginsels**

Terwyl God met die Israeliete gewerk het, het Hy hulle geleer om die basiese reëls, wat die Tien Gebooie genoem word, te gehoorsaam. Daardie reëls het 'n tweeledige doel. Eerstens leer dit ons om God lief te hê en te eer. Tweedens, wanneer dit gehoorsaam word, bewerkstellig dit eensgesindheid tussen ons en ons naaste.

Ja, "wanneer dit gehoorsaam word". Dit is insiggewend om daarop te let dat die Israeliete, byna onmiddellik nadat hulle daardie reëls ontvang het, in 'n situasie verval het wat ons onderwerp illustreer. Die Eerste Gebod het aan die Israeliete geleer om geen ander gode voor die ware God te hê nie. Die Tweede Gebod het hulle verbied om enige uitgekapte of gesnede beeld te maak om God daardeur te aanbid. Binne enkele dae het hulle nogtans albei reëls oortee deur 'n "uitsondering" te verklaar. Moses het op die Berg Sinai geklim om die kliptafels van God te ontvang. Die Skrif deel ons mee wat volgende gebeur het: "Toe die volk sien dat Moses vertoef om van die berg af te kom, het die volk rondom Aäron versamel en vir hom gesê: Kom, maak vir ons gode wat voor ons uit trek; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie. En Aäron sê vir hulle: Ruk die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is, en bring dit vir my. Toe het die hele volk die goue ringe afgeruk wat aan hulle ore was, en dit na Aäron gebring. En hy het dit uit hulle hand geneem en dit met die beitel bewerk en daar 'n gegote kalf van gemaak. Daarop sê hulle: Dit is jou gode, o Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het" (Exodus 32:1-4).

Hulle het nie gesê dat die eerste of tweede gebooie sleg of verkeerd is nie, hulle het net gesê hulle het 'n "spesiale situasie". Hulle het nie gesê dat hulle God nie wil liefhê nie. Inteendeel, hulle het aangeneem dat wat hulle gedoen het 'n manier was om liefde teenoor God te betoon! Hulle het eenvoudig die beeld van die kalf gebruik om God duideliker te "visualiseer". In vers 5 lees ons dat Aäron 'n altaar gebou het voor die goue kalf en uitgeroep het: "Môre is daar fees tot eer van die HERE". Hulle het geglo dat hulle God eer. In werklikheid het hulle God 'n ***oneer aangedoen***. Hulle het gevoel dat hulle nader aan God beweeg. Die waarheid is dat hulle ***weg van Hom beweeg***

***het***. Dit alles het begin met 'n "uitsondering op die reël". Omdat Moses nie daar was nie en dit gelyk het of hy te lank sou neem om van die berg af te kom, het hulle besluit dat hulle God sal aanbid soos hulle gedink het reg was.

**Moderne kultuur**

Ons kan dosyne, selfs honderde voorbeelde vind van maniere waarop ons moderne samelewing die betreurenswaardige voorbeeld van antieke Israel volg.

God beveel ons byvoorbeeld om Sy Sabbatdag heilig te hou (Genesis 2; Exodus 20). Wat is die doel daarvan? Die doel van die Sabbat is om ons te herinner dat God die Skepper en Onderhouer is, om nader aan God te kom en om te dink aan die duisendjarige rus onder Christus se Koningskap in die toekoms. Wat is die resultaat wanneer ons die Sabbatdag onderhou en God se opdrag gehoorsaam? Presies soos dit bedoel is om te wees! Ons bereik daardie doelwitte. Baie mense wat hulleself "Christene" noem, is onder 'n wanindruk dat ons nader aan God kan kom sonder om aan God se reëls gehoorsaam te wees. Hulle glo dat die Sabbat slegs vir die Jode was en dat ons in die moderne tyd daarvan "kwytgeskeld" is. Hulle glo dat ons God op enige dag en op enige manier kan aanbid en maak 'n gewoonte daarvan om God op 'n Sondag te aanbid. Hulle beweer dat die Tien Gebooie almal goed is, maar wanneer dit by die Sabbatdag kom, kan ons 'n "uitsondering" maak oor hoe ons dit toepas.

Nog 'n voorbeeld is die onderhouding van God se jaarlikse Heilige Dae. God het in Levitikus 23 'n beskrywing van die Heilige Dae voorsien en dit deur ander skrifture dwarsdeur die Bybel versterk. Die onderhouding van hierdie dae is vir die mensdom 'n belangrike deel van gehoorsaamheid aan God se reëls. Wanneer ons hierdie Heilige Dae onderhou, kry ons 'n dieper insig in God se plan vir die hele mensdom en ook vir elkeen individueel. Ongelukkig glo die meeste moderne kerkgangers dat hulle kerk die gesag het om die onderhouding van daardie dae te verander, of dat God op die een of ander manier Christus se volgelinge vrygestel het van die onderhouding van dieselfde dae wat Hy onderhou het en Sy volgelinge ook geleer het om te doen.

Een verkeerde opvatting – 'n baie algemene een, is dat die onderhouding van dié Heilige Dae slegs vir die Joodse volk bedoel is. Christene, of so lui die teorie, het hulle eie vakansiedae. Watter vakansiedae het die meeste belydende Christene dan gekies? Hulle het God se jaarlikse Heilige Dae met heidense vakansiedae vervang. Gedurende daardie vakansiedae word dit as reg beskou om leuens aan kinders te vertel oor Kersvader, Rudolf die rooi-neus rendier en die paashaas. Vir die res van die jaar leer ons natuurlik ons kinders dat leuens verkeerd is, maar wanneer dit by Kersfees en Paasfees kom, lyk dit asof daar 'n uitsondering op die reël is! Wat is die gevolg? In plaas daarvan om nader aan God te beweeg en meer van Sy plan te leer, weet die gemiddelde kerkganger min of niks van die waarheid omtrent God se plan vir die mensdom nie.

Die Bybel gee aan ons reëls oor die huwelik, seksualiteit, finansies, ekonomie en baie ander onderwerpe. Die reëls leer ons hoe om met ons bure om te gaan en hoe om God te eer. Hierdie reëls word nie as laste gegee om ons lewens moeiliker te maak nie, maar om dit suksesvoller te maak. Hoe vroeër ons dus aanleer wat daardie reëls is en hulle deel maak van ons denke, hoe suksesvoller en meer vervuld sal ons wees. Op 'n manier is dit soos om aan 'n sport deel te neem. Wanneer ons die reëls leer ken, eerlik speel en oefen om goed te speel, sal ander saam met ons wil speel. Hulle sal in ons span wil wees en selfs van ons wil leer en ons suksesvolle voorbeeld volg. Aan die ander kant, niemand hou daarvan om saam met iemand te speel wat nie by die reëls hou nie – die speler wat homself as 'n uitsondering op die reël beskou, sal sekerlik gefrustreerd en uiteindelik onsuksesvol wees.

Wat van ons? Die mensdom het 'n lang geskiedenis van die "uitsondering op die reël"-mentaliteit. Indien ons die trekkrag van die menslike natuur kan weerstaan en kan dink soos Dawid gedink het toe hy geskryf het, "Hoe lief het ek u wet" (Psalm 119:97), sal ons goed op pad na sukses wees. WvM

# Die Werke van Sy hande

## Leef ons in 'n veelal (veelvuldige heelal)?

**Deur Wallace G. Smith**

Ons leef in 'n tydperk waar die besigtiging van die heelal moontlik is deur baie meer as 'n inspirerende blik in die donker, nagtelike hemel. Hulpmiddels soos die Hubble Ruimte Teleskoop het beelde van wêrelde, sterrestelsels en nebulae aan ons aardgebonde oë gebring – ontsagwekkende inspirerende vergesigte wat ons daaraan herinner dat die heelal wat ons Vader geskape het, *werklik* 'n eindelose uitgestrektheid van verskeidenheid en wonders is!

Natuurkundiges en kosmoloë beweer nogtans al hoe meer dat, buiten ons vermoë om waar te neem, daar eintlik *veelvoudige kosmosse of heelalle* bykomend tot ons eie is. Sommige van hierdie teorieë is meer wetenskapfiksie as wetenskap, met 'n oneindige verskeidenheid van heelalle waarin *elke denkbare moontlikheid* voorkom. In sulke teorieë is daar 'n heelal waarin 'n mens 'n Olimpiese atleet is en 'n ander een waarin 'n mens 'n berugte massamoordenaar is! Klink dit absurd? Moontlik, maar sommige ander veelvoudige heelalteorieë is ten minste gegrond op die geloofwaardige wetenskap.

Wanneer 'n mens dit so sien, is ons groot heelal maar net nog een van 'n groter versameling verskillende wêrelde, wat gewoonlik die ***veelal*** genoem word. Wat behoort ons dus te dink van hierdie soort aansprake oor die skepping? Is daar goeie rede om te glo ons lewe in 'n veelal? Waarom propageer so baie wetenskaplikes dan deesdae die idee so driftig?

**'n "Astronomiese" teorie**

Afgesien van wetenskapfiksie is een van die wetenskap se groot doelwitte om 'n teorie te ontdek wat die ganse heelal in een eenvoudige stel vergelykings kan beskryf. Die vergelykings van die "string-teorie" is 'n gewilde moontlikheid, maar daar is een groot haakplek. In plaas daarvan om net een oplossing te bied, het die vergelykings $10^{500}$ oplossings, 'n getal so groot dat om dit te skryf dit 'n "1" sou wees, gevolg deur *500 nulle*!

Aanvanklik is dit as 'n groot fout in die "string-teorie" gesien, maar later het natuurkundiges begin voorstel dat ons dalk die groot aantal moontlike oplossings behoort te sien as 'n aanduiding dat daar *so baie* verskillende heelalle bestaan – waarvan elke oplossing 'n *ander* heelal verteenwoordig, met verskillende wette van fisika.

Hierdie voorstel, hoewel gewild by baie natuurkundiges, is nietemin meer wensdenkery en fantasie as werklike wetenskap. Terwyl hy die implikasies daarvan in 'n radio-onderhoud gedurende 2010 bespreek het, sê die wêreldbekende natuurkundige, dr. Roger Penrose, dat die string-teorie en die veronderstelde $10^{500}$ heelalle "nie eers 'n teorie is nie. Dit is 'n versameling van idees, verwagtings, aspirasies ... [Die idees] het absoluut geen ondersteuning van waarneming nie ... Dit is nouliks wetenskaplik" (*Unbelievable*, "*Stephen Hawking, God & the Universe*", 25 September 2010).

Eenvoudig gestel, die menigte veronderstelde heelalle van die "string-teorie" het geen ondersteuning van getuienis of data nie. 'n Baie meer belowende aanduiding van veelvuldige heelalle lê in 'n konsep wat soms die "Ewige Inflasie" genoem word.

Nadat wetenskaplikes ontdek het dat ons groeiende heelal tydens 'n kosmiese "Oerknal" ontstaan het – 'n begin wat duidelik 'n Skepper impliseer, het hulle agtergekom dat hulle behoort aan te neem dat 'n kort, maar intense tydperk van hiperinflasie nodig was, toe die heelal teen 'n ondenkbare spoed gegroei het. Terwyl hierdie "Inflasie"-konsep 'n paar probleme oplos, laat dit ook die moontlikheid ontstaan dat, eerder as 'n eenmalige gebeurtenis, dit 'n voortdurende proses mag wees, waartydens nie slegs *ons* heelal uit die

Oerknal "ontstaan" het nie, maar waar ander bykomende heelalle dieselfde ding kon gedoen het en dalk nog steeds doen. Soos een van die baie seepborrels wat deur 'n opgewonde kind wat op 'n somersdag speel, geblaas word, kan ons heelal eenvoudig maar net een "borrel" tussen baie wees!

Fisici en sterrekundiges het afmetings van die diep ruimte ondersoek om te bepaal of daar enige van hierdie hipotetiese heelalle na aan ons eie bestaan. Tot dusver het hulle egter nog niks gevind nie ("*Blow for 'dark flow' in Planck's new view of the cosmos*", *New Scientist* 6 April 2013).

In die lied van veelvuldige heelalle lyk dit of elke vers 'n herhaling van die eerste is: Geen bewyse, geen data – niks nie, behalwe veronderstellings en spekulasie. Dus, met min werklike *wetenskap* om baie wetenskaplikes se godsdienstige aanhang van die idee van 'n veelvuldige heelal te regverdig, *waaom is so baie van hulle verknog aan 'n veelal*?

**Wetenskaplike erkennings**

Die antwoord kan in die titel van 'n artikel in 'n *Discover* tydskrif van 2008 gesien word: "Wetenskap se alternatief vir 'n intelligente Skepper: Die Veelalteorie".

Wetenskaplikes is lankal bewus daarvan dat hulle nie maklik kan verduidelik waarom ons heelal so *fyn ingestel* is vir lewe om voort te bestaan nie. Soos Tim Folger in die artikel skryf: "Trek die wette van fisika in enige rigting en ... lewe soos ons dit ken, sou nie bestaan het nie ... Op 'n vreemde manier lyk dit of **ons nie aangepas is by die heelal nie; die heelal is vir ons aangepas**".

So 'n feit – dat dit lyk of die heelal net vir ons ontwerp is – impliseer dat daar net *twee opsies* is, waarvan daar een is wat baie wetenskaplikes eenvoudig nie wil hê nie! Soos *New Scientist* verduidelik: "[D]ie vernaamste rede waarom geglo word in 'n samestelling van heelalle, is omdat dit moontlik kan verduidelik waarom die wette wat ons heelal beheer lyk of hulle vir ons bestaan so fyn ingestel is ... Die fyn instelling het twee moontlike verklarings: **Óf die Heelal is spesifiek deur 'n Skepper vir ons ontwerp of daar is 'n menigte van heelalle – 'n 'veelal'"** ("*Anything Goes*", 6 Junie 1998).

**Dít** is die finale "aantrekkingskrag" van die veelal! Vir baie mense word die idee van 'n veelal nie gedryf deur data of wetenskaplike bevindings nie, maar eerder deur 'n begeerte om die ooglopende implikasie dat die heelal 'n *Ontwerper* het, te omseil.

Die saak word bondig, maar eerlik deur kosmoloog Bernard Carr in die *Discover*-tydskrif opgesom: "***Indien u God nie wil hê nie, moet u liewer 'n veelal hê***". Maak geen fout nie, vir baie wetenskaplikes wat die idee van 'n veelal aanvaar, gaan dit veel meer oor godsdiens as oor die werklike wetenskap.

**Die heelal en buite die grense van die bekende: Ons bestemming?**

Diegene wat in die Bybel glo het natuurlik geen probleem met die idee van 'n heelal wat fyn ingestel is net vir ons nie: "Want so sê die HERE, wat die hemele geskape het – Hy is God! – wat die aarde geformeer en dit gemaak het – Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, *maar* dit geformeer om bewoon te word" (Jesaja 45:18).

*Kan* die "hemele" egter onsigbare gebiede van die skepping buite die grense van die bekende heelal insluit? Wat daarvan as bewyse ooit gevind word van die bestaan van talle bykomende heelalle? God die Almagtige sê aan ons dat die mensdom se uiteindelike bestemming nie net is om die wêreld, sonnestelsel of sterrestelsel te beërf nie, dit is om ***alle dinge*** te beërf (Openbaring 21:7), met inbegrip van die dinge wat ons *nog nie kan sien* nie!

Hetsy ons toekomstige erfenis die een, pragtige heelal is wat ons rondom ons kan sien, of 'n ontsaglike leërskare van heelalle wat tans buite ons vermoë om te sien is, die beloftes van die Skepper God wat *alle dinge geskape het* staan seker en vas. "U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het *alles geskape* en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape" (Openbaring 4:11). WvM

# Vrae & Antwoorde

**Behoort 'n "krygsman van Jesus Christus" (2 Timoteus 2:3) te veg in die oorloë van hierdie wêreld?**

**VRAAG**: U tydskrif skryf dikwels oor Amerika se militêre betrokkenhede en wys hoe Bybelprofesieë oorlog voorspel. Die Ou Testament is vol verhale van die Israeliete se gevegte. Is dit vir 'n Christen geoorloof om sy land as 'n soldaat in tye van oorlog te dien?

**ANTWOORD**: Jesus Christus het 'n duidelike riglyn vir Sy volgelinge gestel: "Maar Ek sê vir julle wat luister: Julle moet jul vyande liefhê en goed doen aan die wat vir julle haat. Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig" (Lukas 6:27-28). Hy het ons ook geleer dat ons behoort te leef volgens "elke woord van God", om ons lewens te laat lei deur elke woord van die Bybel.

Christene het sekerlik 'n verantwoordelikheid om wettige regeringsgesag te gehoorsaam (Romeine 13:1-7). Christus het Self verduidelik dat Sy volgelinge belasting aan burgerlike regerings behoort te betaal (Mattheüs 22:21). Ons sien dus dat Christene nie hulle pligte wat wetlik deur die burgerlike samelewing opgelê word, behoort te verontagsaam nie.

Wanneer die wette van die burgerlike regering egter met God se Wet bots, behoort Christene te besluit aan wie hulle hulle hoogste trou wil gee (Handelinge 4:19; 5:29, 32; Romeine 6:16). Wanneer die Israeliete oorlog gevoer het, het hulle dit gedoen in direkte opdrag van God Self, hulle het geveg vir die **menslike** koninkryk wat God in daardie tyd gehad het, die nasie van Israel, onder die voorwaardes van die Ou Verbond. Israel het egter God se heerskappy **verwerp**, dus het Hy hulle verstoot en simbolies van hulle "geskei" (Jeremia 3:8). Later het Jesus Christus natuurlik gekom en die Heilige Gees beskikbaar gestel aan almal wat gedoop is en Hom gehoorsaam het. Christene verstaan vandag dat Christus se Koninkryk nog nie in hierdie wêreld regeer nie. Jesus sê: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie" (Johannes 18:36). Christus het beloof dat Hy Sy Koninkryk op die aarde sal vestig wanneer Hy weer kom. Tot dan het Christene 'n "burgerskap" wat nie van hierdie wêreld is nie (Filippense 3:20). Vandag se Christene is "vreemdelinge en bywoners op aarde" (Hebreërs 11:13) en afwagtend op Sy Koninkryk.

Wat behoort Christene te doen wanneer hulle opgeroep word vir verpligte militêre diens? Op die oomblik word daar niemand in die VS opgeroep nie; maar die wet vereis wel dat manlike burgers binne 30 dae na hulle 18de verjaardag by die Selektiewe Diensstelsel moet registreer – 'n vereiste wat nie in stryd is met die Bybelse beginsels soos uiteengesit in Mattheüs 22:21 of Romeine 13:1-7 nie. Registrasie by die Selektiewe Diensstelsel beteken nie dat 'n persoon toestem om aan oorlog deel te neem nie en eintlik voorsien hierdie registrasie 'n geleentheid om formeel gewetensbeswaar teen militêre diens aan te teken. Organisasies soos die *Center on Conscience and War* (nie geaffilieer by die *Tomorrow's World* nie; hulle Webadres is *www.centeronconscience.org*) kan hulp verskaf ten opsigte van wyses waarop 'n mens se gewetensbesware gedokumenteer kan word. Dit maak nie saak watter stappe 'n gewetensbeswaarder mag neem nie, die vernaamste punt is dat mens nou jou geloofsoortuigings moet **uitleef**, sodat wanneer troepe wel opgeroep word, dit nie sal lyk of die weiering om te veg 'n saak van lafhartigheid of gerief is nie, maar eerder as 'n lankgehandhaafde, diepe godsdienstige oortuiging.

Baie lande maak voorsiening om toe te laat dat eerlike gewetensbeswaarders teen verpligte militêre diens uitgesluit word, of om in nie-militêre rolle van 'n openbare diens geplaas te word om sodoende 'n nasionale diensverbintenis na te kom. Die VS het in die verlede hierdie toegewings gemaak gedurende die tye toe soldate opgeroep is, sodat Christene hulle land kon dien sonder om God se Wet te oortree.

Christene wat in lande woon waar militêre diens verpligtend is, moet 'n besluit neem wat ernstige gevolge kan hê. Deur hulle Verlosser te gehoorsaam, loop hulle die risiko van tronkstraf (of iets ergers) vir die weiering om in die weermag te dien. Christus het 'n belangrike beginsel gegee toe Hy verduidelik het "...waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees" (Mattheüs 6:21). Diegene wat hulle hart op die Koninkryk van God gesit het sal daardie Koninkryk hulle prioriteit maak en sal nie hulle plek in daardie Koninkryk in gevaar stel deur te veg en ander mense te dood te maak in die oorloë van mense nie. WvM

# Profesie neem

## Deutschland über Alles!

Terwyl die wêreld sy aandag gefokus het op die burgeroorlog in die Oekraïne, die gewapende stryd tussen die Israeli's en Hamas in Gaza, die verklaring van 'n Islamitiese Kalifaat in Sirië-Irak en die wydverspreide aksies van China in die Suid-Chinese See, vind *beduidende profetiese gebeure* in Europa plaas.

Baie aandag is op Skotland gefokus, wat die selfvoldaanheid van Engeland en die ander streke van die Verenigde Koninkryk geskok het. Eeue-oue verhoudings tussen die Engelssprekende Europeërs staan voor 'n uitdaging soos nog nooit vantevore nie.

Intussen het Duitsland in stilte, byna sonder om die nuusopskrifte te haal, wesenlik beheer oor die Europese vasteland oorgeneem en hulleself bewys as die dominante mag in die Europese Unie, net soos die eertydse Bybelse profesieë lankal voorspel het. In die jare wat voorlê, sal hierdie gebeure nie net Europa verander nie, maar ook die Midde-Ooste en inderdaad die hele wêreld. U behoort te verstaan *waarom* dit gebeur en waarheen hierdie gebeure lei!

### Die Duitsers neem leiding

Die Europese Unie is oorspronklik gestig as 'n meganisme om Duitsland aan Europa te verbind en om Duitsland se geskiedkundige geneigdheid tot aggressie in toom te hou. Die Franse het hulleself gesien as 'n wyse Franse ruiter op die sterk Duitse perd, wat saam die toekoms van Europa sou bepaal. Die Europese finansiële krisis en Duitsland se sterk ekonomie het saamgewerk om die finansieel welvarende Duitsers (met geld om uit te leen aan hulle skuldbelaaide bure) tot in die beherende posisie in die EU te plaas. Soos 'n Ierse politikus opgemerk het: "Die Duitse perd het die Franse ruiter afgegooi en koers gekies na Berlyn". Onlangse gebeure het gewys dat die gerieflikheidshuwelik tussen Frankryk en Duitsland vermoedelik verby is. "Met Brittanje wat wegdryf en Frankryk op die vloer, word Duitsland, hoewel onwillig, gedwing om die leidende rol in die raad in Europa oor te neem" (*The Times*, 6 Julie 2014).

Deesdae neem die Duitsers die EU en Europa oor. Martin Schultz, 'n Duitse politikus en voorstander van nouer samewerking tussen Europese nasies, dien tans sy tweede termyn as President van die Europese Parlement uit. Schultz wil graag die EU militêr sterker maak en minder afhanklik wees van die VSA. Klaus Welle, die Sekretaris-Generaal van die Europese Parlement, is 'n ander Duitse politikus, wat sy rol gebruik het om die werksaamhede van die parlementêre liggaam te moderniseer. Die nuwe Stafhoof vir Jean-Claude Juncker, die inkomende hoof van die Europese Kommissie, is Martin Selmayr: "'n Duitse prokureur wat die meesterbrein agter Juncker se verkiesingsveldtog was ... en die werklike mag agter Juncker is" (*The Times*, 6 Julie 2014). Selmayr, 'n voormalige wandelgang-politikus, "is ongelooflik slim en bekwaam en glo opreg in die Europese projek, maar hy is ook 'n genadelose stoomroller wat vir niks sal stuit nie ... [hy] sal waarskynlik aansienlike invloed vir sy land in die nuwe kommissie verseker" (*ibid*.). Juncker, 'n Luxemburger en stoere federalis, is nie die Anglo-Saksers goedgesind nie en het gesê dat "enige teenstander wat die komende [Europese] supermoondheid teenstaan gemotiveer is deur kleinlike, vuil en immorele belange; doof vir enige geskiedkundige bestemming" (*The Telegraph*, 22 Junie 2014).

In 'n onlangse historiese skuif, is 'n Duitse Weermag-generaal, Markus Laubenthal, voormalige bevelvoerder van Duitsland se 12de Panser Brigade, benoem as Stafhoof

# gestalte aan

van die VS Weermag in Europa – die eerste nie-Amerikaner wat ooit vir daardie pos benoem is ("*German officer to serve as U.S. Army Europe's chief of staff*", *ArmyTimes.com*, 31 Julie 2014). Die groeiende voortreflikheid van Duitsers in topposte in die EU en ander organisasies in Europa, is besig om "'n bron van kommer te word vir ander regerings" ("*Juncker's 'steamroller' sidekick flattens UK hopes of top EU job*", *The Times*, 6 Julie 2014).

**Die "koningin" van Europa**

Die heel sigbaarste en invloedrykste Duitser in Europa vandag is Angela Merkel. Die Duitse Kanselier is Europa se heel indrukwekkendste politikus, die ongekroonde koningin van Europa en selfs die magtigste vrou in die wêreld. Merkel word as 'n "politieke meesterbrein van buitengewone bekwaamheid, subtiliteit en ambisie" gesien wat "deur gebruik te maak van die Europese Unie as haar middel ... geslaag het waar Bismarck, Keiser Wilhelm II en Hitler gefaal het, deur die hele vasteland in 'n groter Duitse Ryk te omskep" (*dailymail.co.uk/debate/article-2311874*, 19 April 2013). As die hoof van die grootste ekonomie in Europa en die vierde grootste ekonomie in die wêreld, "het Angela Merkel Duitsland die onbetwiste meester van Europa gemaak" en "met 'n geslepenheid wat Machiavelli waardig sou wees, het Duitsland se Kanselier die geleentheid wat haar aangebied is, aangegryp om magsverhoudings in Europa te herstruktureer" (*ibid*.). Aangesien Duitsland "die [finansiële] sekuriteit vir die hele euro-sone verskaf, gaan niemand met hulle stry daaroor dat hulle alles beheer nie ... [want] die Duitsers besit Europa reeds" ("*Deutschland über alles, we are all Germans now*", *independent.ie*, 8 Augustus 2011). Merkel en haar bondgenote is vasbeslote om druk uit te oefen op die Europese nasies en hulle aan te moedig in die rigting van 'n Verenigde State van Europa, omdat "Duitsland, as die euro-sone se grootste skuldeiser, die meeste het om te verloor indien die euro in duie stort ... [en] Duitsland sal daarvoor verantwoordelik gehou word" ("*The Reluctant Hegemon*", *The Economist* 15 Junie 2013). Waarnemers het opgemerk dat Merkel van plan is om haar amp as Kanselier aan 'n opvolger te oorhandig wat Duitsland sal aanspoor om 'n meer dominante rol op die wêreldtoneel te speel. Op daardie stadium kan Merkel na vore tree om "gekroon" te word as die President van 'n Verenigde Europa ("*Why Queen Angela makes Europe dance to Merkel's tune*", *telegraph.co.uk*, 16 Julie 2014).

**Duitsland in profesie**

Wat sal Duitsland se rol wees in die jare wat voorlê? Die profeet Jeremia dui aan dat die Israelitiese nasies (Amerika, volke van Britse afkoms en die volke van Noordwes-Europa) in die laaste dae 'n "tyd van benoudheid vir Jakob" sal beleef omdat hulle hulle gedistansieer het van God (Jeremia 30:7, 14-15). Die profete Jesaja en Hosea het opgeteken dat God "Assirië" sal gebruik om die afvallige Israelitiese nasies te korrigeer en te straf (Jesaja 10:5-10; Hosea 5:5; 11:5). Die Bybelse nasie van Assirië word in eindtydse profesie geïdentifiseer as die moderne nasie van *Duitsland* (sien "Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?" Wêreld van Môre, September-Oktober 2007). Die opkoms van Duitsland tot 'n oorheersende posisie in Europa – waar die nasies wat eens die wêreldtoneel oorheers het, hulle voorberei om 'n "teëwig" teen Amerika en die Anglo-Saksiese wêreld te word, is 'n betekenisvolle profesie. U behoort hierdie ontwikkelings in Europa *dop te hou* soos wat in die eindtydse Bybelse profesieë geopenbaar word asook die woorde van die Duitse volkslied wat verkondig: "Duitsland bo alles, bo alles in die wêreld".

***—Douglas S. Winnail***

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Waarom loop dinge VERKEERD?*

**almal** om waarlik te leer om "Hom" met ons hele hart en ons hele siel "te soek". Laat ons **nie** "halwe" Christene wees nie. Laat ons tot Hom "uitroep" en ons **bekeer** – laat ons verander en die *ander rigting inslaan.* Laat ons begin om **Hom** van *ganser harte* **te gehoorsaam**, ook met ons **dade,** sodat ons na 'n werklike plek van veiligheid geneem sal word tydens die komende Groot Verdrukking. Mag ons leer om geestelik te **groei** "tot die mate van die volle grootte van Christus" (Efesiërs 4:13). Aan die einde van sy lewe het die apostel Petrus sy lesers beveel: "Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie. Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Petrus 1:10-11).

Weereens, mag die Almagtige God elkeen van ons *aangryp* om **oor te gaan tot aksie,** sodat ons waarlik Sy wil kan "soek" en "hierdie dinge **doen**", sodat ons werklik toegang kan kry tot die "ewige Koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus." WvM

*Vervolg vanaf bladsy 10 – Ek is regtig dankbaar ...*

Waaroor behoort ons te dink en te bid wanneer ons gaan aansit om hierdie Danksegingsdag-ete te geniet? Indien ek die geleentheid gegun word om by so 'n ete te bid, sal Jesaja 63:7 in my gedagtes opkom: "Ek sal die goedertierenhede van die HERE prys, die roemryke dade van die HERE, ooreenkomstig alles wat die HERE aan ons bewys het ... na sy barmhartighede en na die grootheid van sy goeder-tierenhede".

Waarom? Omdat ek ook regtig dankbaar is. Die huis, die oond, die kos, die klere en ja, selfs die motor, het nie gekom deur my besonderse wysheid of deug nie. Dit is wonderlike seëninge wat 'n liefdevolle God aan my gegee het, hoewel ek deel is van 'n nasie van wie die meeste mense nie die Woord van Sy waarheid hou nie en wat Sy naam ontken. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Openbaring: 'n Boodskap van vermaning ... en hoop*

Jerusalem na 'n hernude hemel en aarde kom (Jesaja 65:17; Openbaring 21). God sal vir eens en vir altyd met Satan die duiwel, wegdoen en die heelal sal wonderlike vrede tot in alle ewigheid geniet. Gevaarlike tye lê voor, maar die boek Openbaring wys vir ons op die hoop wat voorlê – die tyd wanneer God se getroue mense die aarde sal beërwe en uiteindelik die ganse heelal. Dank God vir die heerlikheid wat Hy aan ons en aan Sy skepping sal skenk! WvM

# Die vier ruiters ry

**Die apostel Johannes beskryf vier ruiters wat groot misleiding en verwoesting van die mensdom en lewe op aarde simboliseer.**

"En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin. En toe Hy die tweede seël oopgemaak het, hoor ek die tweede lewende wese sê: Kom kyk! En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee. En toe Hy die derde seël oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie. En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde" Openbaring 6:2-8). WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

ontstig het met hulle toenemende begeerte na onafhanklikheid, wat sy toppunt in September se referendum bereik het waarin daar hard baklei is – ten spyte van die "Nee!" meerderheid – waar omtrent vier uit nege Skotte skeiding van die VK verkies het. Selfs Wallis en Noord-Ierland het 'n toenemende aantal mense wat groter outonomie wil hê, of selfs totaal onafhanklik van die Verenigde Koninkryk en die Engelse wil wees.

**Wie kan dan anders as om te profeteer?**

Die verhoog is dus gereed. Die finale ineenstorting van die nasies van Britse afkoms en die Amerikaanse volke is op hande – tensy ons ons waarlik bekeer en ons op 'n manier wat ons nog nooit in die moderne tyd gedoen het nie na die ware God wend! God sal nogtans nooit Sy beloftes "vergeet" nie. Hy sal altyd ware dienaars hê om Sy volke te waarsku aangaande enige groot ramp wat voorlê. Soos Sy dienaar Amos geïnspireer was om aan ons te sê: "Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?" (Amos 3:7-8).

Ja, ons wat verstaan kan nie anders as om reguit te praat nie! Lees my artikel *Waarom loop dinge verkeerd*? elders in hierdie uitgawe. Dit sal u help om die betekenis van die huidige gebeure te verstaan, namate ons al hoe nader aan Jesus Christus se geprofeteerde Wederkoms om die Koninkryk van God op die planeet Aarde te vestig beweeg!

Maak ook seker dat u mnr. Richard Ames se insiggewende artikel, *Openbaring: 'n Boodskap van waarskuwing en hoop,* elders in hierdie uitgawe lees. Alhoewel hierdie komplekse boek 'n verborgenheid is vir selfs die meeste belydende Christene, kan u die boodskap verstaan indien God u verstand open en u kan daarop ag slaan voordat dit te laat is om uself te beskerm teen die gevaarlike tye wat voorlê.

**Ware vrede**

Miljoene mense, moontlik met inbegrip van 'n paar van ons lesers, raak toenemend angstig en gespanne tydens die aanloop tot die Kersvakansie hierdie 25ste Desember. Miljoene mense sal dieper in die skuld raak, deur geld te spandeer wat hulle nie het nie om dinge te koop wat hulle nie nodig het nie. Waarom is dit so? Baie kritici dring daarop aan dat ons "teruggaan" na die "ware betekenis" van Kersfees. Wat is dan daardie ware betekenis? Waar kom "Kersfees" eintlik vandaan? Lees mnr. Dexter Wakefield se onthullende artikel [*Die ekonomie van Kersfees*] elders in hierdie uitgawe. Dit sal u oë oopmaak vir die waarheid oor Kersfees soos nog nooit tevore nie. Ek bid dat u die kwessie van God se Heilige Dae, wat Christus onderhou het en wat alle mense sal onderhou gedurende die toekomstige Millennium, onder die heerskappy van die Koning van die konings en die Prins van Vrede, Jesus Christus, sal bestudeer. Ja, 'n tyd sal spoedig aanbreek wanneer die wêreld sal weet dat God bedoel wat Hy sê! Van hulle sal verwag word om hulle Skepper te gehoorsaam! Hulle moet Jesus Christus se ontnugterende stelling ernstig opneem: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Lukas 6:46). Wanneer die Prins van Vrede oor die planeet Aarde heers, sal mense werklik verstaan dat ware Christenskap veel dieper gaan as om net in Christus te "glo". Dit behels 'n **waaragtige oorgawe** om te leef volgens elke Woord van God. Dit behels om ons lewe so oor te gee sodat Christus werklik "Sy lewe" in ons kan "leef" deur die Heilige Gees (Galasiërs 2:20).

Geagte Leser, die meeste mense in die wêreld is heeltemal "mislei" wat betref die ware boodskap van Jesus Christus en die plan wat God die Vader in werking gestel het om uiteindelike vrede na die planeet Aarde en die hele mensdom te bring. U is egter anders. God het u in aanraking met hierdie Werk gebring en aan u hierdie tydskrif gegee. Lees dit asseblief sorgvuldig. Bestudeer die Skrifverwysings. **Bewys** aan uself dat wat ons skryf, die waarheid

is! Bid dat God sal voortgaan om u verstand te open met die lig van Sy waarheid, wat aan u vrede sal bring soos u nog nooit voorheen gehad het nie.




Onthou asseblief om in te skakel op *Tomorrow's World* TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**